# Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

25 November 1988 | Tel: (011) 836-7236/7/8/9 | Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)

# Die sweep klap

**Deur Ons Redaksie**

Net twee weke ná Vrye Weekblad se publikasiedag het die regering kennis gegee dat hy oorweeg om teen die blad op te tree.

Die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, het verlede Vrydag 'n brief aan Vrye Weekblad laat faks waarin hy sê sy "voorlopige oordeel (dui) daarop dat die Vrye Weekblad moontlik onder andere as middel gebruik sal word om sienswyses van onwettige organisasies soos in die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982, bedoel, uit te druk."

Dit is die eerste keer sedert die afkondiging van die Noodtoestand in Junie 1985 dat 'n koerant in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid gewaarsku word. Die wetgewing is in 1977 laas gebruik om 'n koerant, The World, te sluit.

Die redaksie van Vrye Weekblad het onmiddellik op die minister se brief gereageer en sterk ontken dat die koerant 'n mondstuk of geleibuis vir enige party of organisasie is, en hul onverbondenheid en professionaliteit herbeklemtoon.

Die minister se dreigement het wye reaksie ontlok. Daar was heelwat diplomatieke navraag by Vrye Weekblad, en 'n groot aantal koerante hier en in die buiteland het berigte daaroor gedra.

Die Internasionale Persinstituut het 'n telegram aan die regering gestuur waarin gevra word dat die minister sy dreigement moet terugtrek.

Die redaksie van Vrye Weekblad het Woensdag deur hul regsverteenwoordigers skriftelike vertoë tot Coetsee gerig. Toe daar gistermiddag (Donderdag) met die druk van die koerant begin is, het hy nog nie op die vertoë gereageer nie.

In die vertoë tot die minister het die redaksie onder meer gesê "Vrye Weekblad is 'n verantwoordelike, professionele nuusblad wat wil help bydra tot 'n voorspoedige, vreedsame Suid-Afrika waarin die demokrasie en wet en orde sal seëvier." (volledige berig op bladsy 6.)

In sy brief het die minister vyf artikels aangestip wat volgens hom onder die Wet op Binnelandse Veiligheid kwalifiseer, en toe bygevoeg: "In die lig van die voorgaande word u aandag op artikel 5 (1) (veral subparagraaf (e)) van voormelde Wet gevestig.

Volgens Vrye Weekblad se regsverteenwoordigers beteken dit: "U word verder in die kennisgewing ingelig dat die minister dit oorweeg om inderdaad die nuusblad te verbied na aanleiding van die eerste twee uitgawes met verwysing na die besondere artikels op grond daarvan dat veral Artikel 5 (1) (e) van toepassing mag wees. In kort kom dit daarop neer dat die minister van mening is dat u nuusblad dien as 'n middel om sienswyses uit te druk wat deur 'n onwettige organisasie gepropageer word."


Die regsmening verduidelik ook dat sou die minister die koerant verbied, "het u geen toegang tot die howe nie, maar is u aangewese op 'n petisie aan die minister..."

Die minister sê sy brief is gestuur na aanleiding van Vrye Weekblad se aansoek om registrasie wat om tegniese redes vertraag is. Coetsee sê hy oorweeg dit om 'n bedrag te eis wat betaal moet word voor registrasie. Volgens die wet mag die bedrag tot R40 000 wees. Die normale registrasiefooi is R10.

In 'n berig oor Coetsee se dreigement het die Financial Mail dié week verbasing uitgespreek dat die Minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, sover uit die rusie met Vrye Weekblad gebly het.

Met die waarskuwing teen hom het Vrye Weekblad homself in die kamp van publikasies bevind waarteen daar sedert die Noodtoestand opgetree is. Media-regulasies, wat

Na B12




Minister Kobie Coetsee en die Vrye Weekblad

# Namibia: Russe en VSA span saam . . .

**Max du Preez**

DIE suksesvolle samewerking tussen Amerika en die Sowjet-Unie oor Kubaanse onttrekking uit Angola en onafhanklikheid vir Namibia kan 'n nuwe era vir Suider-Afrika inlui en 'n beslissende uitwerking op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika self hê, het 'n senior Westerse diplomaat gister gesê.

Die ooreenkoms oor Kubaanse onttrekking gaan lei tot 'n geskiedkundige gebeurtenis: vir die eerste keer in 40 jaar gaan die Amerikaners en die Russe saam deelneem aan 'n monitorspan van die VVO.

AFP berig uit New York dat Washington en Moskou albei waarnemers gaan stuur na die VVO-span van 80 wat toesig gaan hou oor die 27 maande lange onttrekking van Kubane uit Angola. Die twee lande het laas in 1948 in Palestina so saamgewerk.

Na verwagting gaan die ooreenkomste oor die suidweste van Afrika op 7 Desember deur die twee moondhede bekragtig word wanneer die twee leiers, Ronald Reagan en Mikhail Gorbatsjof, ontmoet. Diplomate verwag dat Suid-Afrika self ook op die agenda sal wees.

Verdere tegniese besonderhede oor die Kubaanse onttrekking en die onafhanklikheidsproses word van Dinsdag tot Donderdag volgende week op 'n vergadering van betrokkenes in Brazzaville uitgestryk.

Minister Pik Botha het eergister gesê Suid-Afrika is gereed om vroeg in Desember die Namibia/Angola-protokolle in Brazzaville te teken en die drieparty-ooreenkoms op 15 Januarie.

Botha het dié week aan die Britse Handelsvereniging gesê die voorgestelde gesamentlike monitorspan in Angola sal die Sowjet-Unie "die geleentheid gee om 'n meer positiewe rol in Suider-Afrika te speel."

Hy het bygevoeg dat die vredesamesprekinge die eerste keer in verskeie jare 'n positiewe perspesie van Suid-Afrika in die buiteland geskep het.

In Windhoek self het die maandelange skeptisisme oor die onderhandelinge gister stadig voor die nuwe verwikkelinge begin wyk en politieke partye het aangedui dat hulle in die volgende weke aktief vir die maandelange verkiesingsveldtog gaan begin voorberei.

# Vrae ná Siebert en agent se dood

**Martin Welz**

BLOEMFONTEIN - Talle onopgeloste vrae oor saketransaksies met arm staatsamptenare omhul steeds die tragiese dood van Frik Siebert, miljoenêr-spekulant van Bloemfontein, en die plaaslike agent van die Grahamstad- Bougenootskap, Phil Venter.

Die twee mans is Donderdagoggend in 'n gasgevulde motor op die Brandfortpad net buite Bloemfontein aangetref. Hulle is Woensdagaand reeds vermis. Geen misdaad word vermoed nie.

Hul dood volg enkele dae nadat Vrye Weekblad onthullings oor Siebert se saketransaksies, wat grotendeels deur die Grahamstad-Bougenootskap gefinansier is, gepubliseer het.

Die berigte het groot opslae in die Vrystaatse hoofstad gemaak. Die invloed van Siebert as ryk sakeman, prokureur en borg van die kunste was so groot dat Bloemfontein se dagblad, Die Volksblad, Dinsdag Vrye Weekblad se onthullings afgemaak het as 'n "smeerberig", sonder om op 'n enkele fout te wys.

Intussen het dit ook bekend geword dat die Departement van Justisie ingetree het om 'n ondersoek te stop wat die Verbruikersraad gedoen het teen prokureurs wat geweier het om namens arm huiskopers op te tree.

Verlede week het die Bloemfonteinse tak van die Grahamstad-Bougenootskap aangekondig dat hul bestuurder, Phil Venter, nie langer daar werksaam is nie. Venter het byna daagliks besigheid met Siebert gedoen.

Woensdagmiddag het die vooraanstaande prokureursfirma Siebert en Honey, waar Siebert vroeër senior vennoot was en die afgelope jare as konsultant opgetree het, hul naam na Honey en Vennote verander.

Met die tragiese dood van die twee mans bestaan die gevaar nou dat die ander persone wat bygedra het tot die uitbuiting van arm staatsamptenare, nie ondersoek sal word nie.

Een van die reeks transaksies wat dringend ondersoek moet word, is 'n reeks van 36 transporte (nommers 10402 tot 10438) van Desember 1986 en 'n soortgelyke reeks wat in Januarie 1987 in Bloemfontein geregistreer is. Op net twaalf van die huise uit die Desember-reeks het Siebert meer as R350 000 wins gemaak.

Vrye Weekblad verneem betroubaar daar is aan die einde van 1986 druk op die staat uitgeoefen is om die verkoop en transporteer van die huise te bespoedig.

Vrye Weekblad gee 'n voorbeeld

Na B12

Psige van rassisme 7

Broeders steun nuwe party 3

Die Oos-Kaap smeul 8

# Aan verskuiwings is daar geen einde

Elsabé Wessels

GEDWONGE politieke verskuiwings is vir altyd verby, het die adjunk-minister van Samewerking en Ontwikkeling, Roelf Meyer, onlangs aan Vrye Weekblad gesê.

Hy het bygevoeg dat die "hervestiging van mense vir ontwikkelingsdoeleindes onafwendbaar is".

Dit geld ook vir die regering se beoogde verskuiwing van 200 000 mense in Oos-Kaapland - 'n streek wat kwaai armoede beleef.

Nuwe ontwikkelings kan nie plaasvind, en dienste kan nie opgegradeer word sonder om mense te hervestig nie, het Meyer gesê.

Hy het op kort kennisgewing 'n diepte-onderhoud oor die onderwerp afgestel.

Koos Theron, Kaapse LUK belas met Gemeenskapsdienste, het die regering se verskuiwingsbeleid in Oos-Kaapland aan die hand van "ordelike verstedeliking en opgradering" regverdig.

Hy het toegegee dat die meeste verskuiwings rondom Port Elizabeth en Oos-Londen sal plaasvind.

Hy het verwys na die "absoluut haglike lewensomstandighede" van die inwoners van Port Elizabeth se "Soweto by the Sea" - 'n plakkerskamp - en gesê geen opgradering kan gedoen word terwyl al die mense daar bly nie.

"Dié ding is nie net van owerheidskant op die mense afgedruk nie.

"Om verligting te bring is Motherwell 'n aantal jare gelede ontwikkel en Motherwell se ontwikkeling verloop inderdaad baie goed."

Dt is onafwendbaar dat sekere mense uit die gebied verplaas moet word om dienste daar te verskaf. Wanneer die gebied in erwe opgedeel is, kan dit nie dieselfde hoeveelheid mense dra nie.

"Diegene wat beswaard is oor die verbetering van lewensomstandighede in Soweto by the Sea moet besef dit sal vreeslik maklik wees vir die regering om die mense daar te los en te sê ons doen niks vir die gebied nie.

"In Soweto sal mense doodgaan van siektes weens onhigiëniese omstandighede. 'n Verslag van die mediese beampte van die munisipaliteit van Port Elizabeth het aangedui dat maagkoors en soortgelyke siektes in Soweto baie meer voorkom as elders."

Soos in Soweto, sal oorbewoning in New Brighton en Kwazakhele aangespreek moet word, het Theron gesê.

Volgens hom is oorbewoning, onhigiëniese toestande en die gebrek aan dienste die belangrikste redes vir hervestiging. Ook in Oos-Londen moet mense om dié redes verskuif word.

"In Oos-Londen is daar in een stadium 56 mense uit een huis gehaal.

"Die mense het geen idee van die mate van oorbewoning waarvan ons praat nie."

Verskuiwings onder die Groepsgebiedewet word ook nog toegepas. "Baie dikwels op versoek van die bruin gemeenskappe."

Betreding speel ook 'n rol. "'n Mens kry die situasie waar 'n klomp mense net op 'n ander man se grond gaan sit. Eiendomsreg in hierdie land het darem nog 'n bepaalde waarde en die reg van die grondeienaar moet beskerm word."

"Ordelike verstedeliking" het die sleutelwoord geword in die regering se hantering van verskuiwings. Die regering sien ordelike verstedeliking soos volg: "Elke mens of elke gesin is geregtig op 'n perseel met lopende water, riolering - waar hy nie in die wind en in die water sal sit nie en waar daar ordentlike strate is."

Wat verskaf die regering aan mense wat hervestig word?

"Van die staat se kant af is daar net nie genoeg fondse om huise te verskaf nie. Daar is verskeie skemas - soos materiaal-lenings van die Nasionale Behuisingsfonds, selfhelpskemas en opheffingskemas. Die staat is hoogstens daartoe in staat om met beskikbare fondse persele met dienste te voorsien."

# Coetsee en Vrye Weekblad

*Van Bl 1*

wye magte aan die Minister van Binnelandse Sake gee, is vanjaar op 11 Junie en 28 Augustus in terme van die Noodtoestand afgekondig.

Daarvolgens kan die minister, na sy goeddunke, uitgawes van 'n publikasie verbied indien hy glo dat die betrokke uitgawe of uitgawes 'n bedreiging inhou vir staatsveiligheid en die handhawing van wet en orde of bydra om die noodtoestand te verleng.

Drie koerante is al deur die minister verbied: New Nation, South en die Weekly Mail. Die Weekly Mail verskyn die eerste keer weer volgende week nadat hulle 'n maand gelede verbied is.

'n Woordvoerder van die Weekly Mail sê die koerant se regskoste om sensuur-pogings te stuit, kos al meer as R100 000.

# Vrae oor Siebert se dood

*Van Bl 1*

van een van die huise wat Siebert in Desember 1986 bekom het: gedeelte een van erf 5552.

Nasionale Behuising het die huis aan die huurder, ene Joubert, verkoop vir R10 934. Joubert het onmiddellik die eiendom aan Siebert oorgedra vir R13 800. Siebert het op sy beurt het onmiddellik die eiendom getransporteer aan ene Gordon, assistent-verpleër by die Oranje-Hospitaal vir R53 000. Sy wins was R39 000.

Vrye Weekblad beskik oor talle hartseer-verhale van mense wat nie hul paaiemente weens Siebert se spekulasie kon bekostig nie. So is daar mev Botha wat ook by dié hospitaal werk, waar sy R507 per maand verdien.

Die huispaaiement is R715 per maand waarvan die staat R402 in subsidie betaal. Die orige R313 word van haar maandelikse salaris afgetrek sodat sy haar familie met skaars R100 per maand moet onderhou.

Geen verdere besonderhede was oor die twee mans se dood beskikbaar nie.


# Vrye Weekblad

**Ons steek niks weg nie**

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.
Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad vir 12 maande kry. Vir 6 maande sal dit jou R28 (AVB ingesluit) kos.
Voltooi dié vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n

posorder/tjek in vir R ....................................

NAAM ....................................................................................................

ADRES ....................................................................................................

....................................................................................................

Nog beter: watter wonderliker Kersgeskenk kan jy vir 'n spesiale vriend gee as 'n jaar se Vrye Weekblad in sy of haar posbus afgelewer?

Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ....................................

NAAM ....................................................................................................

ADRES ....................................................................................................

....................................................................................................

**Ons sal jou ingelig hou**


# Dié week in die nuus

## Suid-Afrika

**Die staatspresident** begenadig die Sharpville Ses nadat die Appèlhof weier om hul saak te heropen. Polisiemanne wat in die dodesel sit word ook begenadig.

**Wit Wolf** Barend Strydom, wat sewe swartmense in Pretoria doodgeskiet het, word vir waarneming na Wes-Koppies verwys, maar daarna na Pretoria-Sentraal teruggeplaas.

**Die dodetal** in die skietery waarby die Wit Wolf betrokke was, styg tot sewe met die dood van Sattar Carrim, 52, van Laudium.

**Suid-Afrika** bereik 'n skikking met Angola oor die onttrekking van Kubaanse troepe uit dié land. 'n Verkiesing in Namibia kan voor einde volgende jaar gehou word.

**Die regering** besef dat hy sy uitgawes moet besnoei om die ekonomie in die lang termyn op die regte pad te plaas, sê die direkteur-generaal van Finansies, Chris Stals.

**Die Minister** van Vervoer, Eli Louw, voer samesprekinge met sy eweknie, Armanda Guebuza, in Mosambiek.

**Die aansoek** van Trevor Manuel, sekretaris van die UDF in Wes-Kaapland, om vrylating word deur die Kaapse Hooggeregshof van die hand gewys.

**Vier UDF-lede** word skuldig bevind aan hoogverraad in die Delmas-verhoor en sewe ander aan terrorisme. Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, sê verdere beperkinge kan op die UDF gelê word.

**Unita-leier** Jonas Savimbi ontmoet president PW Botha in Pretoria.

**Amichand Rajbansi**, voorsitter van die ministersraad in die Huis van Verteenwoordigers, word daarvan beskuldig dat hy probeer het om die spesiale aanklaer van die James-kommissie, Anton Ackerman, te ondermyn en te diskrediteer.

**Die SA Vervoerdienste** word in 'n buitelandse valuta-verslag oor die kole gehaal oor verliese van R3,2-miljard aan buitelandse valuta wat dié departement gely het.

**Pastoor Frank** Chikane, algemene sekretaris van die SA Raad van Kerke, spreek 'n konferensie van die Wêreldraad van Kerke in Harare toe en sê die tyd het aangebreek het om konkrete maatreëls teen apartheid te tref.

**'n Sperdatum** van 14 Desember word gestel vir die stigting van 'n nuwe party waarin die Progressiewe Federale Party, die Nasionale Demokratiese Beweging en die Onafhanklike Party kan saamsmelt.

**Na slegs** drie uitgawes ontvang Vrye weekblad 'n waarskuwing van die Minister van Justisie, Kobie Coetzee, oor sekere berigte in sy eerste twee uitgawes. Die minister kan 'n registrasie-deposito van R40 000 eis.

**Professor Raymond** Dart, die ontdekker van die "vermiste skakel", sterf op die ouderdom van 95 jaar.

**Die operasanger** Dawie Couzyn word deur die hof verbied om met enige lid van die Drakensbergse Seunskoor in verbinding te tree nadat hy op 'n klag van onsedelike aanranding verskyn.

**Die Mediaraad** beboet die Windhoek Observer met R2000 na klagtes oor die publikasie van foto's van verminkte lyke en "seksueel uitlokkende" materiaal.

**'n Groot** wapenopslagplek met Russsies-vervaardigde wapens en plofstowwe word suid van Johannesburg gevind.

**President Lennox** Sebe van Ciskei se dokter, wat in Londen woon, word tussen R16 000 en R18 000 betaal vir elke besoek wat hy aan Bisho bring. Hy ondersoek Sebe een keer elke vier maande.

**Die Blanke** Bevrydingsbeweging word verbied en sy leier, prof Johan Schabort, ingeperk.

**Druk neem** toe op die Europese Ekonomiese gemeenskap om sanksies op Suid-Afrika toe te pas, sê Inkatha-leier Mangosuthu Buthelezi.

## Internasionaal

**Die Amerikaanse** regering loods 'n verdoemende aanval op die Suid-Afrikaanse regering oor die skuldigbevinding aan hoogverraad van UDF-lede in die Delmas-verhoor.


**Christina Onassis**, die dogter van skeepsmagnaat Ari Onassis, sterf in Argentinië aan 'n longongesteldheid.

**Die VSA** en die Sowjet-Unie kan binne 'n jaar 'n ooreenkoms onderteken om dié supermoondhede se kernarsenale met die helfte te verklein.

**Steun groei** vir die Palestynse staat wat deur die Palestynse Bevrydingsorganisasie se parlement-in-ballingskap aangekondig word. Meer as 40 lande erken die staat, wat geen vaste grense het nie, maar Westerse lande bly skepties.

**Nie een** van die partye wen oortuigend in 'n verkiesing in Pakistan nie. Benazir Bhutto en haar teenstander Nawaz Sharif word gevra om 'n regering saam te stel.

**Holden Roberto**, leier van die FNLA, aanvaar 'n voorstel van die MPLA-regering in Angola om na die land terug te keer en deel van die regering te word, word in Lissabon berig.



# De Beer, Worrall en Malan lóóp met verenigde front

Elsabé Wessels

DIE planne vir 'n nuwe politieke party links van die regering het dié week aansienlik nuwe stukrag gekry.

Die leiers betrokke by die inisiatief is verras met die wye ondersteuning en nuwe entoesiasme wat hul verklaarde samesmelting uit baie oorde gekry het.

Dit blyk nou ook dat die idee van 'n nuwe, verenigde groepering ook die seën van 'n invloedryke deel van die Afrikaner-Broederbond wegdra.

Daar word geglo dat hulle die steun van soveel as 22 persent ontevrede nasionaliste met hul kan saambring, het lede van die Broederbond gesê.

Die leiers van die Nasionale Demokratiese Beweging en die Progressiewe Federale Party het dié week as 'n teken van hul nuutgevonde solidariteit politieke verhoë gedeel.

Partyleiers Wynand Malan en Zach de Beer het in Durban hul sterk ten gunste van 'n nuwe nie-rassige politieke party uitgespreek en die hoop gevestig dat die grondslag vir die stigting van die party teen 14 Desember gelê sal wees.

In Johannesburg het Denis Worrall ook openbare steun vir die samesmelting van die drie partye probeer werf.

Dit is egter reeds duidelik uit gesprekke met die inisieerders dat 'n wesenlike struikelblok eers oorkom sal moet word: die ernstige verskil in benadering oor watter swart en bruin groepe by die nuwe groepering betrek moet word.

Worrall en sy party is traag om vriende verder links as Mangosuthu Buthelezi se Inkatha en Allan Hendrickse se Arbeidersparty te soek.

Malan en sy mense voel weer sterk dat die inisiatief betekenisloos sal wees as geen brug na groepe soos die UDF en Cosatu geslaan word nie.

Die kwessie van 'n leier kan ook probleme gee, maar dit word op die oomblik op die agtergrond gehou totdat die partye nader aan eenheid gekom het. Na buite sê die betrokkenes dat hulle glo die regte man sal betyds opstaan om die party te lei.

Die steun uit Broederbond-kringe kan vir die te stigte party 'n goeie hupstoot in die Afrikaner-establishment gee. Twee van die iniseerders, rugbybaas Louis Luyt en oud-redakteur Willem de Klerk, is senior Broeders terwyl Malan self ook nog 'n lid is.

Veral De Klerk het heelwat invloed in verligte AB-kringe en is volgens inligting hard aan die stemming maak in dié geledere.

Luyt, wat die drie partye verlede Vrydag by sy huis bymekaar gekry en so die bal aan die rol gesit het, sê die reaksie op hul planne was uitstekend, ook van mense wat al polities onaktief geword het, en van ontevrede Nasionaliste.

Die inisieerders is almal haastig om 'n nuwe verenigde politieke front op dreef te kry - veral in die lig van 'n moontlike algemene verkiesing vroeg aanstaande jaar.

Daar word entoesiasties bespiegel dat samesmelting die drie groepe soveel as 40 setels in die Volksraad kan verseker. Saam het hulle tans 21 setels.

Dié week is daar hard agter die skerms onderhandel en beding om 'n werkbare model te vind wat al drie partye tevrede sal stel. Worrall het hierdie week gesê dat indien 'n aanvaarbare oplossing nie voor 14 Desember gevind word nie, sy party 'n eie rigting sal inslaan.

Malan en PFP LP Tian van der Merwe het in die week egter aangedui dat as 'n oplossing nie voor 14 Desember gevind word nie, dit nie noodwendig die einde van toekomstige samewerking sal wees nie.

Die voormalige leier van die PFP, Colin Eglin, is die voorlopige sameroeper van die versoeningskomitee, wie se opdrag dit is om 'n werkbare raamwerk vir eenheid te skep. Dié komitee sal binne die volgende drie dae sy eerste vergadering hou, het Van der Merwe gesê.

Woordvoerders van al drie partye het dit duidelik gestel dat die beleid en visie van die nuwe party nie net 'n herskommeling van die bestaande groepe moet wees nie.

Die onderhandelaars moet met 'n werklike nuwe konsep, grondwet en strategie vorendag kom om 'n effektiewe front teen die Nasionale Party te wees. Hul doel is om 'n binneparlementêre magsbasis te bewerkstellig.

Malan het egter beklemtoon dat sonder wye buite-parlementêre steun 'n binne-parlementêre magsbasis nie 'n werklike alternatief sal wees nie.

De Beer het die noodsaaklikheid beklemtoon van "'n nuwe nie-rassige demokratiese party wat 'n realistiese politieke tuiste vir alle Suid-Afrikaners kan wees".

Hy het sedert sy oorname van die leierskap van die PFP in Augustus vanjaar homself beywer om samewerking tussen groepe links van die regering te bewerkstellig.

"Ek sal alles in my mag doen om dit te laat werk. Daar moet 'n nuwe nie-rassige demokratiese party kom," het hy gesê. Hy geniet die steun van die PFP se Federale Raad.

De Beer het hom veral sterk uitgespreek vir die politieke samewerking van wit en swart Suid-Afrikaners. "Daar is geen alternatief nie - 'n basis vir samewerking moet gevind word. Ons sal saam sink of swem," het hy gesê.

Malan het gesê: "Die deelname van byvoorbeeld die UDF, Cosatu, Azapo en groepe wat hul by die Freedom Charter neerlê is net so belangrik soos die steun van Inkatha en die Arbeidersparty."

Worrall en Jannie Momberg van die OP het Buthelezi uitgesonder as 'n leier wie se deelname noodsaaklik is. Worrall, wat geruime tyd reeds met Buthelezi en Hendrickse gesprek voer, wou egter nie kommentaar lewer oor die deelname van ander buiteparlementêre groepe nie.

Sapa berig dat Momberg op 'n openbare vergadering in Durban gesê het die sukses van die party sal bepaal word deur die hoeveelheid Engelssprekendes en ontevrede Nasionaliste wat só 'n nuwe party sal steun.

Worrall het, ondanks die eise wat hy gestel het, sy vasberadenheid uitgespreek om alles in die stryd te werp om die nuwe gesamentlike inisiatief te laat werk.

## Polisieman 'beveel om te swyg' oor Mntonga

'N BEVELVOERDER van die Ciskeise polisie wat teregstaan op die moord van Idasa-amptenaar Eric Mntonga het 'n luitenant opdrag gegee om te verswyg dat Mntonga die dag van sy dood by die polisiestasie was.

Dié getuienis is dié week deur luit Leonard Tsotsa, 'n lid van die Ciskeise veiligheidspolisie, in die Hooggeregshof in Bisho gelewer. Ses senior polisie- offisiere, onder meer twee generaals, word aangekla van moord op Mntonga op 24 Julie verlede jaar.

Die lyk van die 35-jarige Mntonga is op 25 Julie in sy motor aan die buitewyke van King Williams Town gevind.

Die aangeklaagtes is genl-maj Zandisile Ngwanya, genl-maj Phakamile Ngcanga, hoof van die veiligheidspolisie in Ciskei, kol Mabandla Mbejeni, maj Mpekiseli Potwana, adj-off Thamsanqa Hlulani en adj-off Khayalethu Mcandana.

Hulle staan ook tereg op aanklagte van regsverydeling en die oortreding van die Polisiewet. Al ses pleit onskuldig op al die aanklagte.

Tsotsa, wat ten tye van die moord tweede in bevel van die Ciskei se terroriste-eenheid was, het getuig dat 'n "gesamentlike operasie" die oggend van 24 Julie uitgevoer is.

'n Huis, wat die teiken van die operasie was, is met traangas bestook voordat die polisie die huis binnegegaan het. Niemand is in die klopjag gearresteer nie. Terug by die aanklagkantoor het drie adjundant-offisiere aan Potwana gesê dat hulle Mntonga gevind het.

Die adjundant-offisiere het Mntonga na een van die kantore geneem. Ná sowat tien minute het Potwana aan hom gesê dat die "operasie afgehandel is".

Hy het drie dae later in die koerante gelees dat Mntonga dood is. Potwana het aan hom gesê het moet niemand vertel dat hy Mntonga voor sy dood by die aanklagkantoor gesien het nie.

Adjudant-offisier Zukile Bhewuti van die veiligheidstak op Mdantsane, het getuig dat hy Mntonga nie weer ná die dag by die aanklagkantoor gesien het nie. Volgens Bhewuti was hy by toe Mntonga die oggend van die operasie teen sowat elfuur by die ingang van Sone 12 deur polisie voorgekeer en beveel is om uit sy motor te klim.

Mntonga is beveel om in 'n polisievoertuig te klim en is na die Mdantsane- polisiestasie geneem.

Die verhoor duur voort. - Sapa

## Eeu-oue dokument red plakkers

Barend Theron

SOMERSET-WES - 'n Briljante skuif deur 'n regspan, wat 'n dokument van 1892 uit die aktekantoor opgediep het, het tydelik verhoed dat meer as 200 mense naby Somerset-Wes verskuif gaan word.

Die mense se huise moes verlede week gesloop word nadat die Wes-Kaapse Streekdiensteraad (SDR) hulle 'n week kennis gegee het om die gebied te verlaat.

Ingevolge 'n interdik in die Kaapstadse Hooggeregshof is die inwoners van die Sun City-plakkerskamp naby die dorpie Sir Lowry's Pass tot 7 Desember voorlopig veilig teen uitsetting. Die Streeksdiensteraad kan nou vertoë tot die hof rig om die interdik ter syde te stel.

Volgens die dokument van 1892 behoort die grond aan die staat - nie aan die SDR nie. Die grond waarop Sun City staan is as 'n uitspanning geklassifiseer, en is inderdaad vroeër dae as uitspanplek deur reisigers gebruik.

Uitspannings moet volgens wet deur middel van 'n grondbrief en registrasie aan die plaaslike owerheid oorgedra word. Dit is in hierdie geval nog nie gedoen nie.

Volgens die prokureur was die interdik "slegs die eerste rondte. As die SDR weier om konstruktief te reageer, sal dit 'n duur en uitgerekte regsproses tot gevolg hê".

Intussen het die 56 gesinne, waarvan 46 'n broodwinner het wat in die omgewing werk, onlangs 'n gemeenskapskomitee gevorm om die uitsetting te keer. Die inwoners sê hulle was verbaas oor die uitsettingsbevel, want amptenare van die SDR besoek die kamp gereeld en het nog altyd die indruk geskep dat hulle daar mag bly.

Anne Cupido, een van die inwoners, sê 'n amptenaar het aan haar gesê hulle beplan om toilette te bou en waterpype na Sun City aan te lê. "Die kennisgewing was 'n groot skok. Ons het gedink ons sal binnekort water en toilette hier hê. Ons is bereid om huur te betaal, as ons net in ons huise kan bly."

Die sekretaris van die Stellenbosse streekskantoor van die SDR, Michael de Waal, ontken dat sulke beloftes ooit aan die mense gemaak is.

Volgens die kennisgewing woon die plakkers in "ongemagtigde strukture, wat gevaarlik en onhigiënies is, die omgewing ontsier en 'n ergernis vir die inwoners van Sir Lowry's Pass is".

Die nuwe bestuurskomitee van Sir Lowry's Pass het kort na die munisipale verkiesing in Oktober vergader en die plakkerskamp as 'n "gesondheidsgevaar vir die dorp" geïdentifiseer.

Die voorsitter van die nuwe bestuurskomitee, Bernard Wentzel, sê die plakkerskamp kan 'n gesondheidsgevaar veroorsaak soortgelyk aan 'n maagkoorsepidemie wat die dorp vroeg in die jare sewentig vir twee maande onder kwarantyn geplaas het.

"Ons het nie die geriewe om die plakkerskamp op te hef nie. Die krane word gevoed deur net een boorgat," sê Wentzel.

Die grond waarop Sun City staan, behoort aan die Streeksdiensteraad, wat beplan om groepsbehuising daar te bou.

Volgens Wentzel sal ontwikkeling eers oor drie jaar begin, weens regsprosedures wat gevolg moet word.

Sun City het twee jaar gelede ontstaan en het die afgelope drie maande vinnig uitgebrei. Baie inwoners is van plase in die omgewing uitgesit en is op waglyste vir behuising in "bruin" woongebiede in die omgewing.

Volgens die voorsitter van die Sun City-komitee, Ben Oktober, sal hulle "in die bos moet gaan slaap" as die plakkerskamp gesloop word. "Ek sal enige plek gaan bly as hulle vir ons huise gee, wat ons het nêrens om heen te gaan nie."



# DIT IS ONS REG OM TE WEET WAT IN ONS LAND AANGAAN



aac

ANGLO AMERICAN CORPORATION ONDERSTEUN 'N VRY EN VERANTWOORDELIKE PERS

# Sharpeville Ses 'dekmantel' om polisie te begenadig

Jacques Pauw

DIT lyk asof Staatspresident PW Botha die vier ter dood veroordeelde polisiemanne wou begenadig en die Sharpeville Ses as dekmantel gebruik het om dit te doen.

Dít was vandeesweek die reaksie van adv John van den Berg van die departement strafreg aan die Universiteit van Wes-Kaapland ná die nuus dat die Staatspresident en die Minister van Justisie veertien ter dood veroordeeldes Woensdag begenadig het.

"Nogtans verwelkom ek en talle ander organisasies die begenadiging van al veertien mense, ongeag die misdade wat hulle gepleeg het," het Van den Berg gesê.

Botha het vroeër vanjaar begenadiging vir die Sharpeville Ses verwerp omdat hy hom glo nie met die regsproses wou inmeng nie. "Dit is absurd, want die regsproses was toe reeds ná die eerste appèl voltooi," het Van den Berg gesê.

Die regering se besluit om die veertien te begenadig is wyd in Suid-Afrika en in die buiteland verwelkom. Die begenadiging volg op van die ergste druk wat nog op die regering geplaas is om die Sharpeville Ses en twee van die polisiemanne, Jack La Grange en Robert van der Merwe, te begenadig.

Dit is waarskynlik die eerste week vanjaar waarin niemand gehang is nie. Nadat die dertien mense Woensdag deur die Staatspresident begenadig is, sou Paul Tepo Setlaba gisteroggend in die Sentrale Gevangenis in Pretoria gehang word.

Hy is enkele ure voor sy teregstelling deur Kobie Coetzee, Minister van Justisie, begenadig. Toe sy prokureur, Roshan Dehal, Donderdagoggend halftwee die tronk bel, het 'n sersant volgehou dat die teregstelling voortgaan.

Die besluit om die Sharpeville Ses te begenadig het gevolg enkele ure nadat die Appèlhof 'n aansoek om die saak te heropen, afgewys het. Hierna kon nog net die Staatspresident ingryp om hulle van die galg te red.

"Die begenadiging beëindig een van die mees omstrede verhore ooit in Suid-Afrika se regsgeskiedenis. Die saak het ons regsreputasie oorsee geweldige skade gedoen. Die buitelandse kritiek was beslis geregverdig, want die howe was baie ongenaakbaar teenoor hulle, sê Van den Berg.

Die Sharpeville Ses het opnuut die fokus op die doodstraf geplaas, sê Van den Berg. Waar daar tien jaar gelede nog 'n sterk pro-doodstrafbeweging was, het alles nou verander.

Die kern van die polemiek oor die Ses het gedraai rondom die sogenaamde "gemeenskaplike oogmerk". Die Ses is skuldig bevind aan moord omdat hulle mense sou aangehits het om 'n swart stadraadslid te vermoor. Die moordenaar self is nooit gevang nie.

"Die Appèlhof self het enkele jare gelede in die geval van Maureen Smith bepaal dat mindere deelname aan moord versagtend is. In die Ses se geval was dit egter nie die geval nie.

"Waar die begenadiging hopelik 'n houdingsverandering by die regering aandui, is dit ongelukkig nie die geval by die howe nie. In ons land met sy bevolkingsopset behoort die frustrasie van die swart gemeenskap en hul sosiale agtergrond al klaar 'n oorweging vir versagting te wees," sê Van den Berg.

Byna elke Westerse regering het versoeke aan die regering gerig om hulle te begenadig. So byvoorbeeld het eerste minister Margaret Thatcher van Brittanje persoonlik gevra dat hulle nie opgehang word nie.

Daar was ook oproepe deur onder meer die Amerikaanse, Wes-Duitse, Franse en Nederlandse regerings en die VVO.

Aan die ander kant is selfs spesiale organisasies gestig om La Grange en Van der Merwe begenadig te kry. Petisies met tienduisende handtekeninge is aan die Staatspresident oorhandig.

Dan is reeds vroeër vanjaar bespiegel dat die Sharpeville Ses tesame met Van der Merwe en La Grange en twee ander polisiemanne, David Goosen en Leon de Villiers begenadig kon word.

Daar is gemeen dat dit 'n goeie politieke skuif vir die regering sou wees om wit polisiemanne en swart radikale saam te begenadig. Op dié manier kon almal tevrede wees.

Van den Berg sê daar is bitter min ooreenkoms tussen die misdade. La Grange en Van der Merwe is skuldig bevind gewone moord, terwyl die Ses se veroordeling spruit uit 'n onlustesituasie.

Organisasies soos Laywers for Human Rights het vanjaar van hul intensiefste veldtogte gehad om die doodstraf afgeskaf te kry.

Minstens 110 mense is reeds vanjaar opgehang. In Oktober vanjaar was daar 287 mense in die dodeselle, waarvan 83 ter dood veroordeel is vir oortredings wat verband hou met "onrus-voorvalle".

Verlede jaar is 164 mense gehang.

Die dag voor die 14 mense begenadig is, het die nasionale direkteur van die Vereniging vir die Afskaffing van die Doodstraf, prof Dennis Davis van die Universiteit van Kaapstad, gesê die doodstraf is "brutaal" en "gewelddadig" en sy waarde as afskrikking is nog nie bewys nie.

**LASBRIEF: DOODVONNIS**

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(...........................................)

**Aan die Balju van** ........................................ **of sy Adjunk**

**en die Balju van Transvaal en sy Adjunk.**

**DIE STAAT TEEN** ........................................

...........................................................

**NADEMAAL dit uit die oorkonde van bogenoemde verrigtinge blyk dat by 'n strafsitting van die HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(** ........................................ **Afdeling), gehou**

**voor (1)** ........................................ 

**te** ........................................

**op die** .................... **dag van** ....................

**Eenduisend Negehonderd** ........................................

**bogenoemde** ........................................

**skuldig bevind is aan die misdaad van** ........................................

...........................................................

**en deur gemelde Hof ter dood veroordeel is;**

**SO WORD U HIERBY GELAS OM, na ontvangs deur u van 'n skriftelike kennisgewing onderteken deur die Minister van Justisie of 'n ander Staatsminister wat namens hom by sy afwesigheid optree, dat die Staatspresident besluit het om nie die ter dood veroordeelde persoon te begenadig nie, voornoemde vonnis op gemelde gevangene te laat voltrek in die Sentrale Gevangenis, Pretoria, sodra geskikte reëlings vir die uitvoering daarvan getref kan word;**

(1) My of die Edelagbare Regter.

**Die vorm wat elke regter in Suid-Afrika onderteken wanneer iemand galg toe gestuur word**

# Van totale strategie na oorlog

**Die regering se beleid oor staatsveiligheid het dié week in die Kaapse Hooggeregshof onder die soeklig gekom. "Totale strategie", wat 'n mate van buite-parlementêre opposisie toegelaat het, is in 1986 vervang met "teen-revolusionêre oorlogvoering", wat geen opposisie duld nie. Mark Swilling, navorser aan die Sentrum vir Toegepaste Beleidstudies van die Universiteit van die Witwatersrand, het ter versagting getuig in 'n hofsaak waarin Ashley Forbes, 'n ANC-guerrilla, en 13 ander jongmense aan terrorisme en verwante bedrywighede skuldig bevind is. 'n Spesiale korrespondent doen verslag.**

KAAPSTAD - Die inligtingskandaal het daartoe gelei dat president PW Botha aan bewind gekom het. Daarna het die regering met 'n hervormingsprogram begin. Onder Botha het 'n gekoördineerde strategie te vore getree wat later "totale strategie" genoem is, het Swilling gesê.

Hy het gesê Botha en sy "kabaal" het 'n totale strategie nodig gehad wat doeltreffende sekuriteitsmaatreëls met hervormingsbeleid kon kombineer om die griewe te verwyder wat revolusionêre kon uitbuit.

Tot Mei 1986 het die totale strategie berus op die argument dat die sekuriteitsbeleid net kon slaag as hervorming slaag.

Die revolusionêre klimaat het egter verskerp en die staat se top-echelon het al hoe meer staatgemaak op sekuriteitsinstellings vir advies, beleidsvoorstelle en onderdrukkende mag.

In een stadium het die staat dit oorweeg om met die ANC en die Eminent Persons Group (EPG) te onderhandel.

Geskille binne die staat het egter nou na vore getree. Openlike onenigheid tussen PW Botha en die sekuriteit-establishment aan die een kant en minister Chris Heunis en politieke hervormers aan die ander kant het ontstaan.

Die ineenstorting van die EPG-inisiatief ná die Weermag se besluit om hoofstede van Frontliniestate te bombardeer, het tot 'n beslissende breuk tussen politieke hervormers en die sekurokrate gelei.

Die teen-revolusionêre opsie is toe aanvaar. Die doelstellinge daarvan is in Mei 1986 deur die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, uitgespel.

Hy het gesê die vyand moet in hul basisse gebombardeer word, wet en orde moet herstel word (massa-aanhoudings), die regering moet na die mense gebring word (Streeksdiensrade) en hulpbronne herverdeel word om swart gebiede op te gradeer.

Die besluit om die EPG te laat vaar is geneem deur 'n magselite van "cold war warriors" wat PW Botha vroeg in 1986 omring het. Hierdie groep het nie die strategie van sagte onderdrukking - beperkte dwang en spioenasie om konflik van lae intensiteit te beheer - van genl Johan Coetzee onderskryf nie.

'n Nuwe groep onder leiding van genl-maj Charles Lloyd het na vore getree. Hulle het groot dele van die teorie van "teen-revolusionêre oorlogvoering" wat in Maleisië, Algerië en Suid-Amerika ontwikkel het, geleen.

Coetzee se strategie was bereid om buite-parlementêre organisasie toe te laat. Maar die strategie van teen-revolusionêre oorlogvoering was teen enige opposisie gekant en het die ruimte waarbinne die beskuldigdes moes optree beperk.

Swilling het 'n duidelike verskil tussen die noodtoestande van 1983 en 1986 uitgewys. Onder die noodtoestand van 1983 het die veiligheidsmagte nie die magte van 1986 gehad het nie - dis gesien as 'n korttermynmaatstaf om die staat ruimte vir politieke hervorming te gee.

In 1986 is groter magte aan die veiligheidsmagte gegee en daar was 'n vasbeslotenheid om georganiseerde opposisie uit te skakel.

Dit het grassroots-organisasies en aktiviste ondergronds gedwing, het Swilling gesê.

Die teen-revolusionêre strategie probeer om harte en hoofde te wen - "to win hearts-and-minds" (Wham). Die basiese verskil tussen die totale strategie van die vroeë tagtigs en die Wham-program van 1986, was dat Wham nie langer primêr betrokke was by die toegang van die bevolking tot die politiek nie.

Pleks daarvan het die klem geval op die lê van nuwe fondamente vir die siviele gemeenskap sodat politieke toegang tot die stelsel êrens in die toekoms so gestruktureer kon word dat dit nie die hele stelsel bedreig nie.

Hierdie verskuiwing van groot visies van bo na die herbouing van fondamente van onder is die belangrikste kenmerk van die staat se huidige strategiese denke.

Swilling het gesê konkrete teen-revolusionêre strategieë wat deur die staat gevolg word, illustreer die tweeledige sekuriteits- en welsynsmikpunte.

Onderdrukkende maatreëls sluit in beperkinge op die pers, massa-aanhoudings, vigilantes, moordgroepe, gedwonge verskuiwings, huurboikot-uitsettings, besetting van openbare ruimtes deur die Weermag, en uiteindelik beperkinge op die aktiwiteite van organisasies.

Die SDR's gebruik hul mag om gemeenskappe te verskeur, leiers uit die gemeenskappe te onttrek, en dan die gemeenskap volgens die wense van die staat te omskep.

Sekere toegewings moet egter deur die Wham-program gemaak word ten opsigte van sommige van die eise wat die verpletterde gemeenskapsorganisasies vroeër uitgespreek het.

Welsynsmaatreëls sluit in die opgradering van infrastruktuur, behuisingsontwikkeling, die hervorming van plaaslike regering, en die afskaffing van instromingsbeheer.

Sapa berig dat Swilling in antwoord op 'n vraag toegegee het dat die onrus van die jare tagtig 'n swaai na regs in die blanke politiek veroorsaak het, maar gesê het dit is deur 'n element van vrees teweeggebring.

Die Nasionale Party se vrees vir regses het gelei tot argumente binne die party dat hervorming vertraag moes word.

In die tydperk 1984 tot 1986 was daar nie 'n toename in geweld nie maar 'n toename in verset en mobilisering. Die toenemende belang wat die regering aan sekuriteit geheg het, was nie 'n reaksie op geweld nie, maar 'n poging om die konstitusionele stelsel te beskerm.

Die taktiek wat gemeenskapsorganisasies in hul verset gebruik het, sluit in oproepe tot verbruikers- en huurboikotte, wegbly-aksies, stakings, protesmarse, plakkaatbetogings, petisies, persverklarings en massavergaderings. Dit geskied binne die raamwerk van nie-gewelddadigheid, het Swilling gesê.

Wanneer arm mense, wat normaalweg magteloos is, geen ander uitweg het nie, is hul enigste bron van mag die ontwrigting van die normale werking van die samelewing.

Die 1986-noodtoestand het dit alles verander en baie nie-gewelddadige opsies onwettig gemaak. Dit het ook grassroots-organisasies en politieke aktiviste ondergronds gedryf.

Die beskuldigdes is Forbes, Peter Jacobs, Nicklo Pedro, Nazeem Lowe, Anwa Dramat, Clement Baadjies, David Fortuin, Jeremy Veary, Walter Rhoode, Wayne Malgas, Colin Cairncross, Ashraf Karriem, Colin Petersen en Leon Scott.

# Ons soek versoening, nie revolusie nie . . .

## Vrye Weekblad se antwoord aan Minister Coetsee

Die volgende is 'n effe verkorte weergawe van die skriftelike vertoë wat Vrye Weekblad tot die Minister van Justisie gerig het:

Talle regeringsleiers sê al geruime tyd dat Suid-Afrika huidiglik 'n ernstige krisis belewe. Ons land het nou die vindingrykheid en visie van al sy denkende mense nodig. Sonder volledige, betroubare inligting oor al die strominge en groeperinge in al ons gemeenskappe kan niemand deurdagte besluite neem of oplossings voorstel nie.

Daar is ook gevoel dat die Afrikaanssprekendes sodanig geïsoleerd en afgesonder geraak het van die res van die Suid-Afrikaanse bevolking dat 'n soort swartgalligheid en fatalisme posgevat het. Dit is duidelik te bespeur in die onstellende groei in ver-regse bewegings soos die Konserwatiewe Party en die Afrikaner-Weerstandsbeweging.

Vrye Weekblad probeer vir Afrikaanssprekendes sê dat daar 'n rol is vir hulle om te speel buite dié groepe wat so desperaat vir eie identiteit en groepsvoorregte veg; daar is 'n positiewe rol op die pad na 'n Suid-Afrika sonder minderheidsregering en inderdaad in 'n Suid-Afrika ná apartheid.

Bowenal wil Vrye Weekblad in Afrikaans 'n rol probeer speel om die land nader te bring aan die ideaal van alle goeie Suid-Afrikaners: vrede, versoening en nasionale eenheid. Dit beteken dat geen betekenisvolle groep uitgesluit mag word nie.

Vrye Weekblad het in sy eerste uitgawe uitgespel dat hy nie 'n alternatiewe koerant wil wees nie, maar 'n professionele publikasie wat glo aan gebalanseerde en regverdige beriggewing.

Dit is ook ons voorneme om so gou as moontlik 'n volwaardige lid van die Nuusblad-Persunie en die Mediaraad te word.

Ons het egter ook gesê dat ons sekere basiese politieke riglyne het waarvolgens ons interpreterende artikels en hoofartikels geskryf sal word.

Die riglyne is: 'n oop, nie-rassige demokrasie; die soewereiniteit van die reg; basiese menseregte soos vryheid van spraak en assosiasie; die verwerping van alle vorme van geweld; vrye onderneming sonder uitbuiting; onderhandeling, versoening en nasionale eenheid; en verantwoordelike, effektiewe en skoon regering op alle vlakke.

Ons het dit reg van die begin af gesê, maar moet dit dalk weer uitspel, dat ons geen bande met enige politieke organisasie, party, beweging of drukgroep het nie.

Ons het geen belang daarby nie en dit is inderdaad teen ons verklaarde beleid om "die sienswyses uit te druk" wat deur "onwettige organisasies gepropageer word" soos die Wet op Binnelandse Veiligheid dit stel.

Ons glo egter dat dit die reg is van elke Suid-Afrikaner om emosieloos ingelig te word oor wat die beleidsrigtinge van alle relevante politieke groeperinge is.

'n Mens kan nie 'n vriend of 'n vyand identifiseer as jy nie weet waarvoor hy staan en waarin hy glo nie. Onkunde is 'n volk se grootste vyand.

Niks kan meer verkeerd wees as die owerheid se klaarblyklike vermoede dat hierdie koerant die "revolusionêre klimaat" in die land probeer bevorder nie. Inteendeel, dit is juis die bestaande klimaat van polarisasie en konflik wat Vrye Weekblad wil help ontlont.

Ons glo dit kan die heel beste gedoen word deur Afrikaanssprekendes se onredelike vrese vir versoening en eenheid, met hul swart landgenote te help besweer - deur die klimaat vir onderhandelingspolitiek te help bevorder.

Dit beteken dat Vrye Weekblad kaalkop moet berig oor die toestande in al ons gemeenskappe; die strewes van al ons mense; die beleidsrigtings wat konflik in die hand werk; die uitwerking van rassisme en diskriminasie; en oor hoe die leiers oor die hele spektrum dink en handel.

### Die besware teen Vrye Weekblad

Die Minister het in sy brief aan Vrye Weekblad van 11 November 1988 vyf artikels aangestip wat volgens sy voorlopige oordeel daarop dui dat die koerant as middel gebruik sal word om sienswyses van onwettige organisasies te bevorder soos die Wet op Binnelandse Veiligheid dit bedoel.

1. "Mandela: 'n Nuwe era."

Elke koerant in Suid-Afrika, insluitend dié wat hulself mondstukke van die Nasionale Party noem, het al baie kolomme aan die moontlike vrylating van mnr. Mandela bestee. Die dagblad Beeld het selfs in 'n sterk hoofartikel die regering aangeraai dat die tyd ryp geword het om mnr Mandela vry te laat.

Die bespiegelinge om mnr Mandela se vrylating kom regstreeks van die Staatspresident wat al herhaalde kere gesê het dat hy hom wil vrylaat.

Die betrokke berig het twee elemente: bespiegeling oor wanneer mnr Mandela vrygelaat sal word; en die moontlike impak wat dit op die nasionale politiek kan hê. Daar word ook berig dat "gematigde leiers in die wit en swart politiek en in die sakewêreld asook Westerse en Afrika-leiers hoë verwagtinge koester dat Mandela 'n nuwe era van versoening en vrede in Suid-Afrika sal inlei."

Nêrens in die berig word die African National Congress of enige ander verbode organisasie nagepraat of ondersteun nie.

Hierdie berig verskil nie van baie van dié wat reeds in ander kommersiële koerante in Suid-Afrika verskyn het nie.

2. "Vry Mandela sal moet brûe bou."

Dié berig is volgens ons oordeel 'n model van hoe 'n nuusberig van dié aard hanteer behoort te word.

Dit is bloot 'n weergawe van wat prominente Suid-Afrikaanse politieke en gemeenskapsleiers dink van mnr Mandela se moontlike vrylating en die rol wat hy kan speel.

Die volgende woordvoerders is aangehaal: dr Ntatho Motlana van Soweto; mev Helen Suzman van die PFP; mnr Chris de Jager van die Konserwatiewe Party; mnr Aggrey Klaaste, redakteur van die Sowetan; mnr Jan Momberg van die Onafhanklike Party; dr Beyers Naudé, 'n kerkleier; eerw Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty; adv Chris Beyers van die Afrikaner-Weerstandbeweging; 'n ANC-woordvoerder; 'n woordvoerder van die SA Raad van Kerke; en dr Oscar Dhlomo, sekretaris-generaal van Inkatha.

3. "ANC sien nie af van protes met geweld."

Hierdie is 'n feitelike mededeling van die ANC se standpunt by 'n konferensie in Wes-Duitsland oor hul gebruik van geweld. In die eerste en weer in die vyfde paragrawe word die woord "terreur" gebruik, wat duidelik die koerant se afkeur in geweld aantoon. Daar word ook in die vierde paragraaf duidelik uitgespel dat die ANC "oor die afgelope maande baie meer sagte - burgerlike - as harde militêre en ander staatsteikens getref" het.

Daar is ook feitelik en objektief berig oor die konflik binne ANC-geledere oor die morele regverdiging vir geweld; die begrip wat van die Afrikaners by die konferensie vir die geskiedkundige aanloop tot die beleid van geweld getoon het; en die feit dat die ANC 'n nuwe konsepbeleidstuk gepubliseer het - sonder om daaroor uit te wei.

Ander koerante het reeds volledig oor die beleidstuk berig sonder dat hulle deur die staat daaroor aangespreek is.

4. "Vrye Weekblad laat hoor 'n nuwe stem."

Ons staan verstom dat die Minister dié artikel oor die beleid van die koerant ook kon noem. Ons staan volkome daarby en glo dat enige verantwoordelike nuusblad dieselfde ideale en riglyne behoort te hê. Ons wil die Minister vriendelik versoek om dié artikel weer te lees.

5. "Groep-obsessies en ander haakplekke."

Hierdie artikel is 'n ingewikkelde akademiese bespreking deur mnr Mark Swilling van die Witwatersrandse Universiteit van 'n debat tussen Afrikaanse, Sowjet- en ANC-akademici by 'n konferensie in Wes-Duitsland.

Mnr Swilling het die verskillende argumente oor of die konflik in Suid-Afrika 'n klasse- of rassestryd is en of dit oor konflikterende nasionalismes gaan, behandel.

Ons wil ook uitwys dat nie een van die berigte die landswette of die noodregulasies oortree het nie.

Ons glo opreg dat ons voldoende aan die Minister getoon het dat sy voorlopige oordeel dat Vrye Weekblad dalk gebruik kan word as middel om sienswyses van onwettige organisasies uit te druk, nie korrek was nie.

Ons wil daarom met respek die Minister versoek om:

1. Nie 'n bedrag te bepaal wat deur ons gestort moet word alvorens registrasie van die nuusblad kan geskied nie. Ons submissie is dat daar geen gronde bestaan waarom Vrye Weekblad anders as ander kommersiële koerante soos die Citizen en Beeld behandel behoort te word nie.

2. Sy oënskynlike dreigement in die derde laaste paragraaf van sy brief aan Vrye Weekblad, naamlik dat die koerant dalk ingevolge Art 5 (1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid verbied kan word, moet terugtrek.

### SLOTSOM

Vrye Weekblad is nie op enige denkbare manier 'n bedreiging vir die staat se veiligheid nie.

Vrye Weekblad is 'n verantwoordelike, professionele nuusblad wat wil help bydra tot 'n voorspoedige, vreedsame Suid-Afrika waarin die demokrasie en wet en orde sal seëvier.


# DIE SUID-AFRIKAAN




## Wees ingelig
## Lees DIE SUID-AFRIKAAN

DIE SUID-AFRIKAAN is 'n onafhanklike meningsblad wat elke tweede maand verskyn. Intekengeld vir 'n jaar beloop R13,50. Vul net die vorm hieronder in en pos dit saam met 'n tjek of posorder vir R13,50 aan: DIE SUID-AFRIKAAN, Breestraat 215, Kaapstad 8001.

**Naam:** ..........

**Adres:** ..........

.......... **Poskode:** ..........


# Boraine voor hof

DIE gewese Nusas-president en UDF-bestuurslid, Andrew Boraine (29), moet vandag in die Kaapstadse landdroshof verskyn weens 'n beweerde oortreding onder die Wet op Publikasies.

Die aanklag spruit voort uit 'n polisieklopjag op 'n Kaapstadse boekwinkel meer as twee jaar gelede.

Boraine, tans 'n lektor aan die Universiteit van Kaapstad, het dié week sy verbasing oor sy inhegtenisneming uitgespreek en gesê hy is verlede Vrydag op die lughawe DF Malan gearresteer ná 'n vakansie van drie weke in die buiteland.

Hy het dieselfde middag in die hof verskyn, maar is op borgtog van R500 vrygelaat. Daar is ook beslag gelê op sy paspoort en hy moet twee keer per week aan die polisie rapporteer.

Boraine is vroeër vanjaar 'n paspoort toegestaan wat slegs vir ses maande geldig was.

Hy is drie jaar lank 'n paspoort geweier.

Die polisie het in 1986 'n klopjag uitgevoer op die boekwinkel Open Books waar Boraine gewerk het.

Hulle het op sekere publikasies beslag gelê.

'n Aanklag is eers in Februarie 1978 aanhangig gemaak.

Maar teen daardie tyd was Boraine nie meer in Kaapstad nie, het hy gesê.

Boraine was van 1981 tot 1986 ingeperk.

# Anatomie van rassisme

**Max du Preez en Jacques Pauw**

> **'Strydom het in briewe aan my geartikuleer wat in die gemoedere van tienduisende Afrikaners en Boere omgaan'**

BAREND STRYDOM het 'n obsessie gehad met geweld en oorlog. Enkele ure voor hy sewe swartmense doodgeskiet en talle ander gewond het, het hy in 'n nota aan sy ouers oor die Derde Vryheidsoorlog geskryf. En vir hom het die eerste skote verlede week geklap.

Die gewelddade van die jong man in sy kamoefleeruniform by die Strijdomplein in Pretoria het Suid-Afrika geruk. Hoekom, vra mense, het hy so koelbloedig en berekenend swartmense afgemaai sonder om sy pistool een keer in die rigting van 'n wit vel te swaai?

Hoeveel haat moes hy teen swartmense gedra het?

En hoewel sy daad wyd afgekeur is, is dit bekend dat daar in sekere ver-regse kringe reeds na hom verwys word as 'n "tweede Jopie Fourie" - 'n martelaar.

Sy daad is só deur Robert van Tonder van die nuwe Boerestaatparty opgesom: "Strydom het in briewe aan my geartikuleer wat in die gemoedere van tienduisende Afrikaners en Boere omgaan."

Een ding is seker: die haat van baie Afrikaners teenoor swartes is nog net so sterk as voorheen.

Hoekom?

Wat is hierdie psige van rassisme?

## 'n Siek gemeenskap

Prof. David Bosch, hoof van die departement van sendingwetenskap aan Unisa, sê die terreurdaad in Pretoria het nie sommer net gebeur nie. Dit is die simptoom van 'n siek gemeenskap en dit is die wind wat ons baie jare lank gesaai het wat die storm Dinsdag op Strijdomplein ontketen het.

"Dade soos hierdie het 'n geskiedenis. Agtertoe lê die geskiedenis van 'n gemeenskap wat oor 'n lang tyd 'n klimaat vir so 'n daad voorberei het. Dit sou gevaarlike selfbedrog wees indien ons onsself sou wou wysmaak dat die optrede van die oud-polisieman bloot die daad van 'n geestesversteurde, van 'n ongebalanseerde maniak is," sê Bosch.

Daar is steeds 'n element onder blankes - soms sonder dat hulle daarvan bewus is - vir wie swartmense minderwaardig, onbetroubaar en tot misdaad geneig is.

Prof Dreyer Kruger, sielkundige van Rhodes Universiteit, gaan nog verder: "Baie blankes sien 'n swartmens en dink: 'Dis nie rêrig 'n mens nie.

"Daarom het hy net kos en slae nodig. Sy velkleur is mos verkeerd.'"

Prof Len Holdstock, strafkundige van Wits, praat van die blanke wat

> **'Baie blankes sien 'n swartmens en dink: 'Dis nie rerig 'n mens nie. Daarom het hy net kos en slae nodig."**

die swartman "ontmens" het: ons het hom basiese burgerregte ontneem, rondgeskuif, sonder verhoor aangehou, uitgeskuif na tuislande en op byna alle vlakke teen hom gediskrimineer. Hy is dus skielik nie meer mens nie, sommer net 'n "ding".

"Hulle is bloot entiteite wat beheer moet word. Dit is soveel makliker om teen so iemand geweld te gebruik," sê Holdstock.

## Hendrik Verwoerd

Rassisme in Suid-Afrika het 'n lang aanloop in die geskiedenis. Die vryboere en trekboere van die negentiende eeu het oorlog gemaak teen swart stamme, en daar was bloedige konflik tydens die Afrikaners se trek na die binneland en Natal in die 1830's.

Na die Tweede Vryheidsoorlog was die Afrikaner in die noorde platgeslaan - sy plaas afgebrand en sy vee deur die Engelse doodgemaak. Die trek na die stede het begin.

Skielik moes die Afrikaner, wat baas en landheer was, in die vreemde omgewing van die stad met dié mense om werk meeding wat hy net as arbeiders op die plaas geken het. Dit was vir hom 'n groot vernedering.

Hierdie gebeure verduidelik wrywing tussen Afrikaner en swartman, maar nie die hele prentjie van rassisme as 'n ideologie nie. Daarvoor was nie die geskiedenis nie, maar mense verantwoordelik.

Hier staan die naam Hendrik Frensch Verwoerd bo alle ander uit. Verwoerd, bekwaam bygestaan deur die NG Kerk, het apartheid tot 'n ideologie, 'n soort kwasi-godsdiens verhef.

In sy eerste toespraak in die politiek, as senator, het hy reeds gesê: "Ek wil dit hier onomwonde stel wat die houding is van hierdie kant van die huis, dat Suid-Afrika die witman se land is en dat hy die meester hier moet bly."

Apartheid het oor die jare afsonderlike ontwikkeling geword en toe parallelle ontwikkeling, maar basies het dit rasseskeiding en wit oorheersing gebly. En tot baie onlangs het die Kerk dit goedgepraat.

Die Afrikaanse koerante het ook oor die jare hul deel bygedra tot die soort gevoelens. Vir dekades was daar net twee soorte berigte oor swartmense gepubliseer: eerstens neutrale berigte, soos byvoorbeeld hoeveel "Bantoes" in 'n busongeluk dood is.

Tweedens was daar berigte oor die optrede van swartmense as vabonde, skelms, diewe, verkragters en leeglêers.

Op die ou end ken die lesers swartes net in twee rolle: as hul werknemers wat nie probleme oplewer nie, want hulle het mos goeie beheer oor hulle, en dan as misdadigers.

Dit is die "ontmensing" waarvan Holdstock praat.

"Apartheid het eers mense vervreem, daarna ontmens. Daar is geen empatie in baie blanke kringe vir die lot van swartmense nie. En omdat ons hulle nie ken nie, vrees ons hulle," sê Holdstock.

Kruger sê apartheid het 'n "ons" en "julle" gemeenskap gevestig. Ons velle is wit, julle s'n is swart. Daarom is ons beter, en daarom is julle slegter. Dít is wat apartheid gedoen het.

## Terug na baasskap

In die Vorster-era het buitelandse druk en binnelandse onrus skerp begin toeneem, en die Nasionale Party se leiers het besef dat aan apartheid geskaaf sal moet word. PW Botha se regering het dié proses 'n verdere hupstoot gegee met "hervorming en magsdeling".

Dié stappe is vir 'n klomp Afrikaners te veel, en eers die Herstigte Nasionale Party en daarna die Konserwatiewe Party word gestig.

Maar, asof 'n herhaling van die verlede, is dit vir 'n groep ekstremiste nie goed genoeg nie. Hulle stig die Afrikaner-Weerstandsbeweging, en keer terug na die ou orde van absolute skeiding en blanke baasskap met al die retoriek van die Ossewa-Brandwag en die apartheidsprofete van die 1940's en 1950's.

Dit is kamaste en kakieklere, skeltaal en meerderwaardigheid, 'n leier met 'n rassistiese boodskap.

Daar word gepraat van "kaffers en hotnots en koelies".

Ander "wit" organisasies volg in hul spore: Die Wit Kommando, die Wit Hand, die Wit Bevrydingsbeweging, die Wit Wolwe.

Daar is selfs die absurdes soos die Kappiekommando: 'n klomp tannies in Voortrekkerklere wat Voortrekkermonument toe opruk en 'n swart doodkis Libertas toe dra.

Al die regse groepe dreig met geweld. Hul sê daar is nie plek vir gematigheid in "Afrika se harde kultuur nie".

Die skietery verlede week in Pretoria was nie die eerste vorm van geweld nie.

Voor dit was daar al bom-

> **'Dat Suid-Afrika die witman se land is en dat hy die meester hier moet bly' - Hendrik Frensch Verwoerd**

ontploffings, kaste wapens wat deur die polisie uitgegrawe is, en aanrandings op swartes.

## Verheerliking

Kruger sê ons leef in 'n gewelddadige gemeenskap waar mense van kleins af geleer word dat probleme met geweld opgelos moet word.

So byvoorbeeld het Barend Strydom as seun gesien hoe sy ma selfmoord pleeg. Hier het hy 'n les geleer: haar probleem is met geweld opgelos.

"In sekere verregse kringe word geweld verheerlik. Maar binne sekere informele kringe word dit selfs goedgekeur," sê Kruger.

Daar is baie voorbeelde in die Afrikaner se geskiedenis waar geweld verheerlik is. 'n Goeie voorbeeld is Jopie Fourie, die man wat tot aan die einde geveg het tydens die Rebellie van 1914.

Hy is tot vandag toe een van die grootste martelare in die Afrikaner se geskiedenis, en dit terwyl hy uit die Weermag gedros het en meegedoen het aan die sinnelose dood van meer as 300 mense: 192 rebelle en 132 soldate. Hy is in Desember 1914 tereggestel.

DF Malan, wat in 1948 die eerste Nasionale Party Eerste Minister geword het, skryf in sy boek oor Afrikaner Volkseenheid dat Fourie se laaste woorde was: "Die boompie wat vandag geplant is en met my bloed gevoed word, sal groei en wonderlike vrugte vir ons volk dra."

Jan FE Celliers het oor Fourie 'n roerende gedig geskryf, maar een waarin geweld absoluut heilig voorgestel word. "Daar trek 'n koeël, met spoed, met spoed/hy's nat met Afrikaner-bloed/en smart die boodskap wat hy voer;/hy kom uit Afrikaner-roer..."

En dan aan die einde: "trekkend, trekkend, jaar en stond/sal steeds die koeël sy boodskap sprei;/en waar hy tref, heel nooit sy wond;/en wat hy tref, dit heilig hy!"

## Dissipline

Holdstock sê die Afrikaner het 'n houding dat mens met geweld en mag houdings kan manipuleer. Daar is 'n totale gebrek aan respek en kommunikasie.

Hy sê die hele probleem begin in ons huise waar kinders met ysere dissipline behandel word. Hulle word nie gerespekteer nie, maar geslaan en die hele tyd betigtig.

"Of dit nou gesinsmoorde is, alkoholisme, seksuele misbruik, selfmoorde of rasswegeweld, dit is eintlik op die ou end almal dieselfde. Dit is glad nie toevallig dat die Afrikanergemeenskap in groot mate aan al hierdie euwels skuldig is nie. Dit hou alles verband.

"Kinders word aan die een kant met geweld grootgemaak, en aan die ander kant geleer dat hul nie respek vir swartmense hoef te hê nie.

"Die regering los ook sy probleme met geweld op. Dit is omdat ons regeringsleiers self nooit leer kommunikeer of onderhandel het nie. Hulle het ons geleer dat swartmense entiteite is wat beheer moet word," sê Holdstock.

Kruger sê baie Afrikaners word weens die gewelddadige samelewing groot met 'n opgekropte woede in hul hart. Hierdie woede word soms omgesit in rassisme.

Die kenners stem saam dat die verregse groepe 'n "tuiste" vir hierdie mense bied. Hier kan hy sy woede kanaliseer. Soms ontplof dit egter.

"'n Daad soos dié van verlede Dinsdag is ook 'n weerspieëling van vrees, van die gevoel van beleërdwees wat algemeen in die blanke gemeenskap voorkom, van 'n klein minderheid in 'n gevaarlike en bedreigende swart kontinent," sê Bosch.

Dit is begryplik dat so 'n vrees hom dikwels tot uitdrukking kom in die bravade van strydlustigheid en kragdadigheid, wat tiperend van die regse politiek geword het, meen Bosch.

"Maar ook regeringswoordvoerders is nie van alle blaam te onthef nie. By so baie geleenthede word uitsprake gemaak wat daarop bereken is om te verseker dat blanke Suid-Afrika net een enkele beeld van sekere swart organisasies kry: dat hulle onredelike eise stel, dat hulle ongenaakbaar is en slegs geweld as middel vir swart oorname propageer," sê Bosch.

## Ook in die taal

Rassisme is ook vasgevang in die Afrikaner se taal. Soos Vrye Weekblad twee weke gelede berig het, is daar twaalf bladsye oor die woord "kaffer" in die amptelike Woordeboek van die Afrikaanse Taal - nie minder nie as 303 woorde wat met "kaffer" begin word behandel. En die goue draad wat deur al die woorde loop, is dat "kaffer" gelykstaan aan minderwaardig, sleg en lui.

> **'Of dit nou gesinsmoorde is, alkoholisme, seksuele misbruik, selfmoorde of rassegeweld, dit is eintlik op die ou end almal dieselfde.'**

Skelwoorde vir swartmense word onder meer aangegee as: "asem, bitterbek, blinkasem, gifasem, houtkop, houtskouer, Kamsketel, klipkop, klits, korthaar, kroeskop, pikkop, skepsel, stinkasem, swartasem, swarte tater, swartnerf, swartskepsel, vaalasem, Gamsgeslag, swartgoed, swartnasie."

Een van die gebruike van die woord word aangegee as 'n "onbeskaafde, onopgevoede, ongemanierde, ruwe persoon". Dit kan ook wees "'n denkbeeldige persoon met wie kinders bang gemaak word", sê die woordeboek, of 'n "onderhorige, weinig gerekende persoon".

## Saai wat jy maai

Dit is dus baie moontlik dat 'n verskeidenheid van faktore die moordenaar van sewe onskuldige swartmense gemotiveer het: hy was dalk versteurd, maar is benewel deur die gewelddadige gemeenskap waarin hy grootgeword het.

Sy opgekropte woede het omgesit in rassisme wat kon gedy in 'n verregse organisasie.

Bowenal was swartmense vir hom nie "mense" nie.

Dis dié dat die Wolf volgens die psigiater geen berou oor sy dade getoon het nie. Hy was na die tyd opgewek en het geglimlag.

Soos Bosch gesê het: ons het gemaai wat ons gesaai het.

Vrye Weekblad

## Die nuwe alliansie

Die datum 14 Desember 1988 kan 'n belangrike een wees vir Suid-Afrika.

Dit is die dag waarop die Progressiewe Federale Party, die Onafhanklike Party en die Nasionale Demokratiese Beweging moet besluit of hulle een party gaan word.

Eintlik is dit 'n moet-troue. Die baba is klaar daar: 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking wat siek en sat is vir die Nasionale Party-regering se wanadministrasie en beleid van verdeling, maar terselfdertyd moeg is vir die rondvallery en tweespalt in die geledere van die "kreatiewe opposisie".

Wynand Malan, Denis Worrall, Zach de Beer en die ondersteunende individue betrokke by die inisiatief soos Louis Luyt en Willem de Klerk sal moeilike besluite moet neem en ego's moet onderdruk.

Seker die belangrikste besluit is watter rol die nuwe groep buite die wit politiek gaan speel.

Moet hulle net met die Arbeidersparty, die Indiërpartye binne die Parlement, Inkatha en swart stadsraadslede konsulteer en saamwerk, of moet hulle ook groepe soos die United Democratic Front, die African National Congress, die Azanian People's Organisation en die Pan-Africanist Congress by dialoog probeer betrek?

Ons glo nie daar is in 1988 meer tyd vir 'n nuwe politieke party wat nie bereid is om nasionale versoening en eenheid openlik te bepleit nie. Dit kan net een ding beteken: almal moet betrek word.

As jy nie van iemand se idees of metodes hou nie, praat met hom en oortuig hom. Dit geld vir die Afrikaner-Weerstandsbeweging, die Konserwatiewe Party, die Nasionaliste, die Black Consciousness-groepe en die ANC.

Maar meer nog: soek diegene wat glo dat apartheid in al sy vorme beëindig moet word en dat die toekoms in 'n nie-rassige, veelparty-demokrasie lê. Bring hulle bymekaar en werk saam om die stelsel van wit minderheidsregering te beëindig. Daarin lê die enigste heil vir ons mense en ons ekonomie.

Die leiers van die drie partye moet een ding weet: die geskiedenis gaan hulle baie hard oordeel as hulle hierdie geleentheid nie aangryp en een magsblok vorm nie.

## Van SWA na Namibia

Dit is wonderlike nuus dat al die partye betrokke by die slepende Namibia-geskil ooreengekom het op 'n skikplan.

Die mense van hierdie woestynland, die laaste kolonie in Afrika, het al genoeg swaargekry onder Suid-Afrikaanse oorheersing en die geweld wat die stryd tussen Swapo en die Suid-Afrikaanse magte meegebring het.

Namibia verdien om sy plek in die geledere van ander onafhanklike nasies in te neem.

Maar daar is nog 'n klipperige pad vorentoe. Ons hoop die staatsmanskap wat sover in Pretoria, Luanda en Havana aan die dag gelê is, gaan voortduur.

## So sê hulle . . .

"Sorrie my baas, daardie baas roep jou." - Simon Khorombi Mukondeleli, net voordat hy die rewolwer van Barend Strydom afgeneem het nadat agt mense verlede week in Pretoria doodgeskiet is.


"I cannot condone violence - but I can understand the immense frustration this young man feels when his security and all that he holds dear, are threatened." - AWB-leier Eugene Terre'Blanche oor die Kerkpleinbloedbad.

"The Conservative Party, the HNP and even the AWB have declared their abhorrence at the Pretoria Massacre and there is no reason to doubt their sincerity." - hoofartikel in die Sunday Times oor dieselfde onderwerp.

"Daar is by my geen twyfel nie dat Suid-Afrika die wêreld se enigste oorblywende anti-kommunistiese moondheid is. Nòg Amerika nòg Brittanje kan as anti-Kommunisties bestempel word." - Donald S McAlvany, Amerikaanse miljoenêr en voorsitter van die Amerikaanse Opvoedkundige Stigting.

"Ek sê byvoorbeeld dikwels aan mense wat my as 'iemand se dogter' beskou: onthou, ek huil, lag, eet, slaap en hoop ook maar soos elke ander mens. Of: Ons is 'n doodgewone, of 'normale', as jy wil, gesin in abnormale omstandighede." - Rozanne Botha in Beeld.

"There is no doubt they created a powerful volk. The trouble is that they were selfish. Their injury to blacks and others, their contempt for the humanity of other, is reaping the whirlwind." - Aggrey Klaaste oor Afrikaners.




# Groepsgebiedewet is ekonomies waansin



**Christo Nel, koördineerder van die Consultive Business Movement**

DIE munisipale verkiesings op 26 Oktober is onder meer gekenmerk deur 'n bykans waansinnige benutting van Groepsgebiedewetgewing om die kiesers die laer in te jaag.

In gebiede waar die KP setels verower het, is groepsgebiede as aansporing gebruik. Kiesers is byvoorbeeld daarvan oortuig dat die KP wetgewing beter as enige ander party sou toepas.

Ons lees in koerante dat die KP groepsgebiede op enige moontlike wyse wil toepas, onder andere deur oop sakegebiede weer te segregeer.

Kort voor die verkiesing het minister Heunis laat blyk daar is grootskaalse planne vir die toepassing van die Groepsgebiedewet in blanke woongebiede waar swartmense begin instroom.

Hy het gesê daar sal bykans R500-miljard bestee word om ongeveer 'n kwart miljoen mense te verskuif. Woonbuurte soos Oukasie en Lawaaikamp is hierby ingesluit.

Danie van Zyl se stelling tydens die munisipale verkiesings dat enige kiesafdelings wat deur die PFP verower word, oopgestel moet word, was blatante "swart gevaar"-taktiek. Die uitslag van die verkiesing het gewys dat hierdie taktiek gedeeltelik daarin geslaag het om blankes skrik te maak en die laer in te jaag.

Die KP en die NP wedywer om te bewys wie die Groepsgebiedewet die beste gaan toepas. Albei se plakkate het die feit uitbasuin dat hulle afsonderlike groepsgebiede voorstaan.

Afsonderlike groepsgebiede is egter niks anders as oëverblindery nie. Daar is waarskynlik geen "suiwer" groepsgebied nie - die meeste gebiede is vir alle praktiese doeleindes geïntegreerd. In blanke woongebiede - stedelik sowel as op plase - woon daar minstens net soveel swart volwassenes as blanke volwassenes.

By 'n onlangse konferensie is die volgende vraag aan bykans 200 blankes gestel: "Hoeveel van julle het nie swart bure nie?" Oombliklik is alle hande in die lug ingesteek.

"Hoeveel van julle het òf inwonende swart bediendes, òf bure met inwonende swart bediendes?" Die hande het weer die lug ingeskiet.

"Maar dan het julle almal swart bure!" het die kursus-aanbieder gesê. 'n Massa stemme het skielik opgegaan om hierdie feit te verwerk. Een kursusganger het uitgeroep: "Daar is g'n swart bure nie - dit is my bediende."

Hierdie tragiese situasie beeld duideliker as omtrent enigiets anders die dilemma van Suid-Afrika uit. Dit lyk asof die boer sowel as die stedeling genoeë neem daarmee om swart bure te hê mits die swart buurman te arm is om self grond te besit en slegs in 'n meester-kneg-verhouding staan.

Sodra die swart persoon dit kan bekostig om self eiendom te besit om in welvaart en gerief langs 'n blanke te woon, is dit skielik 'n sonde om swart bure te hê. Tog woon daar op plase en wit stedelike gebiede dikwels meer swartmense as blankes.

Hierdie sosiale leuen wat deur die meerderheid blanke Suid-Afrikaners ondersteun en gepropageer word, het ernstige ekonomiese gevolge.

Suid-Afrika se produktiwiteit neem jaarliks met meer as 2 persent af. Dit beteken dat dit meer as 2 persent duurder is om dieselfde hoeveelheid produkte te lewer. Ons sanksioneer onsself dus uit die wêreldmark uit.

Groepsgebiede-wetgewing moet grotendeels die skuld vir hierdie negatiewe produktiwiteitsgroei kry. Deur die toepassing van dié wetgewing is die meerderheid Suid-Afrikaners stelselmatig verder en verder van hul werksplekke verwyder.

Die oorgrote meerderheid swart Suid-Afrikaners reis daagliks meer as twee en 'n half uur tussen hul werkplek en woonplek. Die meerderheid is 14 uur 'n dag van hul huise af weg. Baie betaal soveel as 20 persent van hul maandelikse inkomste alleenlik aan vervoer.

Daar is duisende mense wat daagliks vyf tot selfs sewe ure tussen woon- en werkplek reis. Dit beteken dat baie mense voor vyfuur in die oggend uit die huis is om agtuur te begin werk. Hulle is selde voor nege-uur saans tuis.

Niemand kan 'n produktiewe dagtaak vervul wanneer so 'n groot deel van sy tyd en inkomste aan vervoer bestee word nie.

Die Groepsgebiedewet beperk nie net produktiewe arbeid nie: dit diskrimineer daagliks teen die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners.

'n Gebied soos Alexandra, wat slegs deur 'n straat van Sandton geskei word, is 34 keer kleiner as Sandton is. Tog bly daar 120 000 mense in Alexander vergeleke met die net meer as 90 000 mense in Sandton.

Die Groepsgebiedewet en die gepaardgaande beperking op beskikbare grond, lei nie net daartoe dat grondpryse in swart woongebiede hemelhoog styg nie, maar ook dat die beskikbare behuising en grond ernstig oorbewoon word.

In Soweto woon nagenoeg 14 mense in elke (klein) wooneenheid, terwyl wooneenhede aan die Oos-Rand tussen 18 tot 20 mense huisves.

In Oos-Kaapland en Natal raak die syfer so hoog as 25 mense per wooneenheid. Die oorbevolking van woongebiede, weens 'n tekort aan grond en behuising, moet 'n negatiewe uitwerking op produktiwiteit hê.

Soos niemand wat daagliks ure lank reis, produktief kan wees nie, so kan geen mens wat in beknopte gebiede met swak dienste woon produktief wees nie.

Suid-Afrika worstel met enorme ekonomiese probleme, en is vasgevang in 'n negatiewe produktiwiteitsiklus - nogtans moet ons die gevolge dra van honderde miljoene rand wat aan onproduktiewe en ekonomies ongeregverdigde stelsels bestee word.

En dit alles om die skyn van 'n deursigtige leuen te probeer behou. Onlangse analises toon duidelik dat die afskaffing van groepsgebiede in stede soos Harare en Windhoek nie tot die gevreesde oorstroming deur swartes gelei het nie. Dit het wel tot 'n stelselmatige normalisering van dié gebiede gelei.

In 'n tydperk waar Suid-Afrika reeds die teistering van ekonomiese stagnasie beleef, en nie positiewe produktiwiteitsgroeikoerse kan behaal nie, moet die Groepsgebiedewet as 'n kern-struikelblok vir sosiale stabiliteit en ekonomiese groei beskou word.

Dit het nodig geword vir die sakesektor, kerke en akademiese instellings, om gesamentlik hulle stem vir die afskaffing van hierdie maatreëls te laat hoor.

Selfs die NP en KP kan dit nie op eerlike ideologiese grondslag regverdig nie - andersins moet wetgewing onmiddellik ingestel word wat dit onwettig maak vir swart mense om op plase te bly, en vir huiswerkers om in blanke woongebiede te woon.

Indien die NP en KP nie ekonomiese selfmoordneigings openbaar deur dit te probeer deurvoer nie, is dit hoog tyd dat die leuens laat vaar word en ekonomies pragmatiese en doelgerigte stappe gedoen word. Bo en behalwe ander maatreëls, sluit dit die totale afskaffing van die Groepsgebiedewet in.

# Blou jeans en alkohol haal woekerpryse op swartmark

## Moskou se vlooimark 'n 'plek van brassery'

MOSKOU - Prostitute, sakkerollers, beskerm-afpersers en swartmarkhandelaars maak baie geld op die Rijskii-vlooimark in Moskou.

En die polisie weet gewoonlik van niks, op voorwaarde dat hulle nie met leë hande weggaan nie, sê Sergei, 'n jong Rus wat op die mark gewerk het.

"Ek sal my voete nooit weer in die plek sit nie. Dit het 'n regte hool geword. Die polisie ken al die afpersers maar hulle doen niks nie. Hulle is bang."

Sergei het goedere verkoop wat nie in staatswinkels beskikbaar is nie, maar wel op die mark naby die Rijskii-spoorwegstasie.

Maar hy het genoeg van intimidasie en geweld gehad. "Daar is die Liyuberi-groep (boewe van 'n voorstad in Moskou), die Ismaelovos, die Perovos (van buite Moskou), die Sportmanne (voormalige boksers en stoeiers), en eenvoudige kleinboere," noem hy 'n paar van die afpersers.

Die owerhede het die mark tydens die wintermaande van 1987 gesluit nadat die pers sterk kapsie gemaak het teen "die plek van brassery", maar sedert dit weer oopgemaak het floreer die handel.

Omtrent enigiets kan gekoop en verkoop word. Selfs prostitute bied hul dienste aan vir 'n baie redelike vyf roebels (agt dollars).

Oornaweke staan die skare so dig tussen die houthutjies en die rook van braaiende kebabs, dat dit omtrent onmoontlik is om te beweeg.

Die militia waarsku die mense met luidroepers om hulle beursies vas te hou, maar hulle ignoreer die swartmarkgoedere wat aangebied word: blou jeans, Amerikaanse sigarette, sykouse uit Japan en onwettig gestookte alkohol.

'n Elmboog word in jou ribbes gedruk en 'n bottel duur Franse parfuum word aangebied. Die prys is te hoog, en die verkoper smelt in die in die skare weg.

Nog verkopers verskyn met klere oor hul arms; ander dra dit in tasse aan. Sulke handelaars is maklike prooi vir afpersers.

"Wie help jy?" vra 'n groot jongman met die neus van 'n bokser. "Niemand nie," antwoord die slagoffer. "Dan moet jy ons help," sê die swaargewig.

Dit kan hom enigiets tussen 25 en 50 roebels uit die sak jaag. Anders, sê Sergei, "vat hulle jou goed en gooi dit in die modder of steel dit en foeter jou dik".

Gekoopte beskerming hou gewoonlik nie lank nie. Bendes afpersers kom mekaar ook dikwels met vuiste en messe by.

"Soms gee die polisie voor dat hulle iemand agtervolg terwyl mense voor hul oë afgepers word. Maar dit is moeilik om mense op heter daad te betrap," sê Sergei.

Die staat ken geen genade met mense wat goedere teen woekerwinste herverkoop nie. Daarom kla die slagoffers van boewe op die Rijskii-mark nie maklik by die polisie nie. - AFP



'n Massiewe woonstelblok in Moskou. Broei hier misdaad uit? *Foto: Jurie van der Walt*

# Nazi-misdadigers skuil in Brittanje

**Beatrice Bretonniere**

LONDEN - Duisende Nazi's, baie van hulle oorlogsmisdadigers, het na die Tweede Wêreldoorlog na Brittanje geswerm toe die land 'n tekort aan werkers vir sy na-oorlogse rekonstruksie nodig gehad het. Brittanje het hul agtergrond oor die hoof gesien.

Hierdie inligting is vervat in 'n parlementêre verslag wat onlangs hier ter tafel gelê is.

Brittanje het ná die oorlog skuiling gebied aan berugte oorlogsmisdadigers, en het die uitleweringsversoeke van die Sowjet- en Poolse regerings verontagsaam. Baie misdadigers het tot hul dood rustig in Brittanje gewoon.

Vladislav Gering, 'n dokter wat na bewering duisende afskuwelike "eksperimente" op gevangenes in die Auschwitz-uitwissingskamp in Pole uitgevoer het, het tot sy dood in 1964 in Brittanje gewoon, sê die verslag.

Hy het selfs die Orde van die Britse Ryk (OBE) gekry, hoewel die Poolse regering in 1947 versoek het dat hy uitgelewer word.

Hierdie aansoek is gesteun deur die getuienis van die toentertydse Poolse eerste minister, Josef Cyrankiewicz, wat gesê het hy was een van Gering se slagoffers.

Brittanje se department van buitelandse sake het die Poolse versoek verwerp omdat daar volgens die department nie genoeg bewyse was nie. Dering het na die oorlog senior posisies in die Britse koloniale diens beklee.

Die Laerhuisverslag oor oorlogsmisdade sê ongeveer 90 000 Litauers, Joego-Slawe en Duitsers het Brittanje kort na die einde van die oorlog in 1945 binnegekom.

Die verslag sê dit was Britse beleid om immigrante te verwelkom sonder om die verlede van verdagte oorlogsmisdadigers te ondersoek.

In 1951 het 'n memorandum van die Britse departement van buitelandse sake gesê sedert 1950 is dit nie in die openbare belang van Brittanje beskou om 'n buitelander te deporteer slegs op grond van 'n prima facie-saak dat hy 'n misdadiger was nie.

In 1960 het Brittanje 'n versoek van die Sowjet-Unie vir die uitlewering van 'n Estlander, Ain Erwin Mere, van die hand gewys.

Hy is daarvan beskuldig dat hy deelgeneem het aan die moord op 10 000 Russiese oorlogsgevangenes, en baie Estlandse Jode vermoor en ander na hul dood in Nazi-konsentrasiekampe gestuur het. Hy is in 1969 in Leicester dood.

'n Duitse wetenskaplike, Walter Reppe, is deur Brittanje gehuur en uit Neuremberg verwyder, waar hy verhoorafwagtend was vir beweerde oorlogsmisdade.

Lord Mayhew, wat toe minister van buitelandse sake was, het homself teen die verslag verweer deur te sê dat hy verkies het om 'n paar "monsters" in die land toe te laat eerder as om baie onskuldige uitgewekenes na hul dood te stuur.

Die regering het vroeër onder druk van die Laerhuis 'n raad van ondersoek aangestel om die bewerings te ondersoek.

Die raad het tot dusver ongeveer 250 misdadigers in Brittanje geïdentifiseer, waarvan die meeste al dood is.

In Julie vanjaar het sy lede 'n besoek aan die Sowjet-Unie gebring om hul bevindinge met rekords in die Sowjet-Unie te vergelyk, en die raad sal in Februarie sy finale gevolgtrekkinge bekend maak.

Brittanje het geen uitleweringsooreenkoms met die Sowjet-Unie nie, maar 'n Konserwatiewe parlementslid, Ivan Lawrence, wat 'n lid van die parlementêre komitee is, het gesê die wet moet verander word om oorlogsmisdadigers wat nog lewe te vervolg. - AFP

## AFRIKA

# Keniane is plesierig en dan maak hulle geld

**Bernard Estrade**

NAIROBI - Het jy kontant nodig? Maak soos baie slim - en dikwels gewetenlose - mense in Kenia en hou 'n partytjie. Vra 'n hoë toegangsfooi, en môre het jy kontant in jou sak.

En as jy president van Kenia is, kan jy letterlik miljoene maak.

Keniane gebruik alle geleenthede - troues, verjaardae, besnydings en wat nog - om geld te maak. Die standaardfooi wissel tussen 30 sjielings (2 dollars) en 1000 sjielings (60 dollars).

In 'n onlangse artikel het die weekblad Financial Review voorbeelde verskaf van partytjies waar gashere tot 5 500 dollars gemaak het.

Baie mense sien dit as 'n afwyking van een van die steunpilare van Kenia se politieke en ekonomiese stelsel, wat van elke burger verwag om "vrywillig" gemeenskaps- of politieke projekte te ondersteun.

"Harambee", 'n geïnstitusionaliseerde vorm van welsyn, was die land se eerste slagspreuk onder president Jomo Kenyatta.

Die stelsel is eenvoudig. Politici, van 'n gewone hoofman tot die president self, samel fondse in deur kermisse te hou, waar elkeen volgens sy vermoë bydra. Die bedrag wat elkeen bydra, word in die openbaar aangekondig.

'n Paar jaar gelede het maatskappye, verenigings en individue besef harambee kan hul eie sakke vul.

Vandag hou almal partytjies vir 'n familielid se mediese behandeling oorsee, vir die opvoeding van 'n arm leerling betaal, om 'n rystoel te koop, of vir 'n nuwe bus vir die skool.

Partytjies word in die pers geadverteer, en soms oor die pos.

Mense word ook op straat tromp-op geloop en gevra om partytjies by te woon.

Dis soms moeilik om "uitnodigings" van die hand te wys - veral as dit van jou baas, onderwyser of huisbaas kom.

Hierdie soort fondsinsameling is ook baie gewild onder jongmense wat wil trou - maar volgens die Review se ondersoek word baie "verloofdes" se partytjies nie deur troues gevolg nie.

Skenkings word dikwels gebruik om nuwe klere of selfs 'n nuwe motor te koop.

'n Ondernemende jong man, wat baie vooraanstaande mense ken, het 'n elegante dansdinee gehou om geld in te samel om joernalistiek in Amerika te gaan studeer. Hy is wel New York toe, maar twee weke later was hy terug, geklee in die nuutste Bloomingdale-modes.

'n Jong weduwee het 'n partytjie gehou om geld in te samel vir haar man se begrafnis - waarvoor sy werkgewer reeds betaal het. 'n Paar maande later is sy weer getroud.

Baie politici het reeds voorgestel dat mense in die openbare lewe moet verslag doen oor hoe hul harambeefondse aanwend. Die saak is selfs in die die parlement bespreek, maar gou van die agenda gehaal deur president Daniel Arap Moi, wat gesê het dit sou teen die tradisies van Afrika indruis.

Waarnemers meen dat die president self die grootste voordeel uit harambee trek.

Volgens berigte het hy ongeveer $1,1-miljoen ontvang uit bydraes wat gemaak is tydens feesvieringe wat sy tiende jaar as president, en 25 jaar van sy land se onafhanklikheid, herdenk het.

En dit was in 'n enkele week in Augustus vanjaar. Die donasies het hoofsaaklik gekom van semi-staatsorganisasies en presidente van Japanse multinasionale korporasies wathul sakeondernemings in Nairobi geïnspekteer het.

# Engelse, 'liberale' bestuurders wil weg

KAAPSTAD - Sakebestuurders wat geneig is om die land te verlaat is Engelssprekend, in hul dertigerjare en "liberaal", terwyl "meer konserwatiewe, ouer en Afrikaanssprekende" bestuurders meer geneig is om in die land aan te bly.

Hierdie inligting het aan die lig gekom in 'n onlangse opname, "The brain drain: why South African managers want to leave or stay", wat deur 'n senior lektor, Dr Piet Human, en 'n MBA-gegradueerde, Jeremy Green, van die Sakeskool van die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is.

Slegs nege persent van die bestuurders waarmee onderhoude gevoer is, het egter gesê dat hulle die land definitief sal verlaat.

Twee-derdes het gesê hulle sal bly en 23 persent het aangedui dat hulle onseker is.

Die ondersoek het bevind dat die wil om te bly duidelik verband hou met taalgroep en ouderdom. Die meeste bestuurders wat dit oorweeg om die land te verlaat is Engelssprekend - 82,7 persent.

Die meeste Afrikaanssprekende respondente - 91 persent - het gesê hulle is van plan om te bly.

Omtrent 60 persent van die respondente wat van plan is om te emigreer het gesê dat hulle òf die Progressiewe Federale Party òf die Onafhanklike Party steun.

Die meeste ondersteuners van die Nasionale Party of die gewese Nuwe Republiek Party - 91 persent - het gesê hulle wil bly.

Een-en-veertig persent van die bestuurders wat gevoel het dat swartmense die regering in hul leeftyd sou oorneem, het gesê dat hul die land sou verlaat, terwyl 92 persent van dié wat nie so dink nie, gesê het hulle sal bly.

Die bestuurders wat aangedui het hulle wil bly, was minder geneig om betrokke te raak by pogings om die regering te beïnvloed om maatskaplike en politieke hervorming teweeg te bring.

Die meerderheid "landverlaters" (81,8 persent) het gevoel nywerheidsaksie is die enigste nie-gewelddadige politieke opsie vir swartes.

Die verlaters het ook aangedui dat hervorming noodsaaklik is vir ekonomiese herstel, en was skepties oor president Botha se opregtheid.

Die navorsing het aangetoon dat 'n bestuurder se politieke houdings sy besluit om te bly of die land te verlaat, sterk beïnvloed.

Daar word gewys op die teenstrydigheid dat dié wat 'n bydrae kan maak tot 'n nie-rassige demokratiese samelewing omdat hulle "liberaal" is en mag het, geneig is om die land te verlaat.

Daar is nog 'n teenstrydigheid: as jy glo dat swartmense die land sal regeer, en dit is oënskynlik wat jy wil hê, waarom wil jy die land verlaat?

Juis daarom moet 'verlaters' bly en 'blyers' die land verlaat. - Sapa

# Voordele van 'onsigbare' belasting net polities

**Mike Stassen**

BELASTING het al meer sosiale ontwrigting veroorsaak as enigiets anders in die geskiedenis. Beteken dit enigiets as die jongste skatkissyfers toon dat die inkomste uit belasting die hoogste in Suid-Afrika se geskiedenis is?

Toegegee, die belastingkoers was al hoër in die verlede, veral vir persoonlike belasting. Maar die skatkissyfers toon dat in die eerste sewe maande van dié fiskale jaar die nasionale inkomste 26,5 persent hoër was as twee jaar gelede - amper twee keer meer as die verwagte 16 persent.

Die sterk verhoging word deur twee faktore verklaar. Eerstens, soos inflasie salarisse opgestoot het, het belastingbetalers in hoër belastingkategorieë inbeweeg. Tweedens word Suid-Afrikaanse belasting al hoe meer "onsigbaar".


Anders as persoonlike inkomstebelasting, wat gewoonlik in die vorm van betaal-soos-jy-verdien betaal word, is hierdie onsigbare belastings vir verbruikers verbloem.

Een van die beste voorbeelde van onsigbare belasting is die bobelasting op invoere wat vanjaar ingestel is.

Hierdie belasting, wat tussen 20 en 60 persent wissel, is afhanklik van die goedere wat betrokke is. Dit is oënskynlik ingestel "om die betalingsbalans te beskerm". Daar is aan ons vertel dat die land probeer om sy betalingsbalans in 'n surplus-situasie te hou omdat buitelandse kapitaal opgedroog het.

Die grofste manier om dit te doen is om invoere te verbied; die praktiese manier is is om invoere te ontmoedig deur dit duur te maak. Die beste manier om dit te doen is om bobelasting aansienlik te verhoog - presies wat gedoen is.

Op sy beurt het dit toevallig die uitwerking dat dit die koffers vul van 'n regering wat te veel spandeer en in die eerste kwartaal van volgende jaar ernstige kontantvloeiprobleme gaan ondervind - veral in Maart.



Barend du Plessis

Ons moet onthou dat die invoerbobelasting wat soveel ekstra onbegrote kontant vir die regering gee, deur die verbruiker betaal word.

Wat ons dikwels in hierdie era van toenemend ingewikkelde belastings vergeet, is dat die individuele belastingbetaler uiteindelik alle belasting betaal. Neem as voorbeeld die instelling van die Minimum Belasting op Maatskappye (MBM).

Vir alle praktiese oorwegings is dit 'n maatskappybelasting. Die verbruiker se onmiddellike reaksie is om dit as 'n belasting te sien wat sy persoonlike las sal verlig, omdat dit deur 'n maatskappy betaal word. In werklikheid word MBM deur die individuele belastingbetaler betaal.

In die geval van 'n maatskappy wat MBM betaal:

* Ontvang werknemers laer lone en salarisverhogings;
* Aandeelhouers kry kleiner dividende, en
* Kliënte betaal hoër pryse.

In hierdie sin kan alle nie-persoonlike belastings as onsigbare belastings gesien word. Die regering wil die belastingstelsel duidelik in die rigting van onsigbare belasting sien beweeg.

Die Witskrif oor die Margo-kommissie oor belasting het gesê een van die belangrikste onderliggende aanbevelings van die kommissie was 'n grootliks onsigbare belastingstelsel. Dit word op verskeie maniere beskryf: byvoorbeeld deur die bekende uitdrukking dat Suid-Afrika moet "wegbeweeg van 'n stelsel van direkte belasting na 'n stelsel van indirekte belasting".

Dit is net so dat die meeste, indien nie alle, indirekte belastings onsigbaar is.

'n Direkte belasting is 'n belasting wat die presiese inkomste en "middele" van die individu in ag neem. Die stelsel van persoonlike inkomstebelasting is 'n goeie voorbeeld: hoe groter jou persoonlike inkomste, hoe meer belasting betaal jy.

'n Indirekte belasting soos AVB belas teen 'n vaste tarief, ongeag of die belastingbetaler 'n bedelaar of miljoenêr is. Maar selfs al is AVB 'n indirekte belasting, is dit 'n hoogs sigbare belasting. Die Margo-kommissie het baie sterk weerstand teen die betaling van AVB gevind, en daarom, en om ander redes, aanbeveel dat AVB afgeskaf en deur belasting op die toegevoegde waarde (BTW) vervang moet word.

Hoewel die konsepwetgewing oor BTW nog vrygestel moet word, sal dit sekerlik net BTW van die "inklusiewe" soort wees. Die sal verbruiker nie die prys van goedere en die BTW afsonderlik sien nie, soos dikwels die geval met AVB is.

Die ander voordeel van onsigbare belasting is dat dit op 'n basis van belasting-op-belasting werk. Byvoorbeeld, AVB (of BTW) word bereken op die koste van goedere wat die bobelasting (en ander heffings) insluit. Persoonlike belastings word bereken op belasbare inkomste ongeag ander belastings.

Maar omtrent al die voordele van "onsigbare" belasting is slegs polities van aard. Soos belastingbetalers minder bewus word van die ware belastingvlakke, bestee die regering maklik meer, en gee minder aandag aan kostebesnoeiing.

Hoeveel belastingbetalers weet dat in die eerste sewe maande van hierdie fiskale jaar doeane en aksyns 130 persent meer geld gemaak het as in dieselfde tyd verlede jaar?

Maar as AVB met een tot twee persent verhoog is - om dieselfde toename in staatsinkomste te verkry - sou daar ongekende sterk reaksie teen die belastingstelsel gewees het.

Barend du Plessis, Minister van Finansies, het boonop nie die inkomste uit die nuwe invoer-bobelasting in vanjaar se Begroting ingesluit nie. In teorie behoort die inkomste wat deur bobelasting verkry is, aan belastingbetalers terugbetaal te word nadat invoere gedaal het.

Maar die kans vir so 'n meevallertjie vir die belastingbetaler, wat gemiddeld meer belasting betaal as in enige ander tyd in Suid-Afrika se geskiedenis, is skraal. Selfs Chris Stals van Finansies het in die openbaar bevestig dat die tesourie aansienlike kontantvloeiprobleme het soos die jaar na sy einde loop.

Die implikasie is hoër beslasting, maar dit sal ten minste uitgestel word tot ná die algemene verkiesing wat vir volgende jaar voorspel word. Intussen kan u verwag dat die belastingstelsel onsigbaar sal word - soveel so dat u sal glo dat u geen belasting betaal nie.

Die stelling dat belasting die oorsaak van meer maatskaplike ontwrigting as enigiets anders was, sal nie langer steek hou nie. Want daardie belastings was natuurlik sigbaar.

# Vergeet die 'goeie ou dae' in die werkplek

**Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge**

DAAR is heelwat meningsverskil oor die jongste wysigings aan die Wet op Arbeidsverhoudinge.

Feitlik die hele onafhanklike vakbondvereniging was deurgaans gekant teen die wysigings; byna 'n miljoen werkers was bereid om ten koste van drie dae se lone hul beswaar aan te teken. Baie werkgewers was inteendeel sterk ten gunste van die wysigings en 'n "regstelling van die magsbalans".

Sommige van hulle was bereid om te betaal vir duur volbladadvertensies in die dagblaaie, dog miskien minder tevrede oor die onderbreking in hul werkprogram en die verlies aan driemiljoen man-dae.

Namate die debat gevorder het, het steun vir die wysigings gekrimp en meer bestuurders het die redelikheid van die vakbonde se argumente begin insien.

Maar die wysigings het na verwagting Wet geword, en die debat is verby. Om nou te probeer besluit wie eintlik verantwoordelik was vir hierdie onnodige wysigings (behalwe vir 'n paar positiewe verbeteringe in die proses), is tot niemand se voordeel nie.

Werkgewers en werknemers het mekaar steeds nodig. Sedert die verskyning in 1979 van die eerste deel van die Wiehahn-verslag - eienaardig genoeg op 1 Mei - het die twee partye in die arbeidsverhouding hierdie waarheid erken, in kontraktuele ooreenkomste sowel as in die praktyk.

Dit was dikwels moeilik, en soms moes albei partye duur les opsê, maar min mense sal betwis dat die hervorming en vordering in die werkplek uitblink in ons land.

Dit is uiters belangrik dat hierdie momentum behou word en dat ons nie terugkeer na die slegte "goeie ou dae" van eensydige bestuursbesluite in die werkplek nie.

Verhoudinge wat afbreek, geniet aanhoudend die aandag van die media. Behalwe vir die betrokkenes en 'n klein aantal spesialiste, is min mense bewus van die goeie vordering en die gesonde arbeidsverhoudinge wat in vele werkplekke heers; dis mos nie nuus nie.

Die partye sal op die vordering van die afgelope jare moet bou, deur terug te keer na die onderliggende beginsels waarop die verbeterde verhoudinge gebaseer is. Die praktiese toepassing van hierdie beginsels is reeds op die proef gestel, en die partye het geleer om na mekaar te luister - veral in die belangrike gevalle waar hulle nie met mekaar saamstem nie.

Daar sal weereens bevestig moet word dat vryheid van assosiasie ondersteun moet word deur die werker se drie basiese regte te erken en te verdedig: die reg om te organiseer, die reg om kollektief te beding, en die uiterste reg om te staak.

Indien nodig sal die partye sekere van die gewysigde statutêre klousules moet heroorweeg, en dalk met onderling ooreengekome reëls vervang.

Dit beteken geensins 'n omseiling van die Wet nie, maar dat daar in belang van gesonde arbeidsverhoudinge verder gegaan moet word as die statutêre vereistes.

Die belangrikste onderliggende beginsels van Suid-Afrika se amptelike mannekragbeleid is vryheid van assosiasie, vakbondoutonomie en maksimum selfregering in arbeidsverhoudinge deur werkgewers en vakbonde - met 'n minimum van inmenging deur die staat.

As die drie fundamentele regte van werkers nie beskerm word nie en daar van die onderliggende beginsels afgewyk word, sal kollektiewe bedinging 'n nekslag toegedien word.

Sonder die proses van kollektiewe bedinging sal verskille in die werkplek deur openlike antagonisme en blote krag beslis word. Die vordering van die afgelope nege jaar sal uitgewis word.

Meer konserwatiewe elemente in bestuurskringe behoort ook nie hieroor gerus te voel nie. Ons sal nooit weer kan terugkeer tot die kunsmatige vrede van die verlede nie.

Bestuur het twee keuses: onderhandeling gebaseer op beproefde internasionaal aanvaarde beginsels; of aanhoudende versteuring van die produksieproses. Reg of verkeerd, sal hul besluite 'n wesentlike invloed hê op verhoudinge in die breë samelewing.

# Chiefs teen Pirates: maak jou gordel vas

John Perlman

AS jy nog nooit 'n Kaizer Chiefs-Orlando Pirates-wedstryd bygewoon het nie, waar op aarde woon jy, mens?

Daar is niks in sokker soos 'n plaaslike wedstryd nie - 'n wedstryd wat op een middag mense in dieselfde stad, en soms in dieselfde huis, verdeel - sodat hulle 'n dag lank net aan hul span vurig lojaal is.

Elke stad het sy wedstryde - AC Milan teen Inter Milan, real Madrid teen Atletico, Glasgow Rangers teen Glasgow Celtic. Ek het twee grotes gesien - Arsenal teen Tottenham en Liverpool teen Everton. En 'n Iwisa Kaiser Chiefs-Orlando Pirates-bekerfinaal is net so 'n luisterryke geleentheid.

Môre sal Ellispark tot teen die dak gepak wees wanneer 90 000 mense probeer indruk in 'n stadium wat vir 70 000 gebou is - die een helfte van die arena is Chiefs se swart en goud en die ander helfte Pirates se wit en swart.

Wanneer die wedstryd begin en die skare se brul heen en weer weerklink soos die lot van die spanne verander, sal Ellispark nie 'n plek vir die vreesagtiges of naïewes wees nie.

As jy beplan om jou span se kleure te dra, onthou dat Chiefs altyd aan die westekant sit, en Pirates oos. As jy dit vergeet, sal iemand jou herinner.

Dit sal 'n gepaste einde wees vir die Bob Save Super Bowl, 'n kompetisie wat ons alreeds 'n oordosis opwinding, geskille en spouspelagtige doele gegee het - en in sy eerste jaar Suid-Afrikaanse sokker se vertoonstuk aan die einde van die seisoen geword het.

In hierdie atmosfeer floreer Kaizer Chiefs. Daar is 'n tradisie in die nasionale Sokkerliga dat enige nuwe trofee altyd eerste deur Chiefs gewen word. En vanjaar se span het die spelers om dit weer reg te kry.

Daar is doelskopper Marks Maponyane, wedstrydwenner in verlede jaar se Mainstay-finaal en 'n vurige kompeterende speler wie se doelkoors styg wanneer hy 'n trofee sien. Daar is die Swaziland-speler Scara Thindwa en veteraan-voorspeler Mike Mangema, wat twee lewensbelangrike doele in vroeër rondtes geskiet het.

Dan is daar Doctor Khumalo, nog op skool maar met talent wat by sy ore uitloop. Hy kan 'n doel uit 'n onskadelike posisie toor - altyd die teken van 'n groot sokkerspeler.

Hierdie kwartet kan doele jaag met die wete dat die verdediging agter hulle die afgelope tyd so stewig soos 'n rots is.

Hierdie suinige agterlyn is gebou rondom die kalm ervaring van doelwagter Gary E[illegible]ley en die wyse ou middelagterspelers Mark Tovey en Jack Chamangwana, 'n vorige kaptein van Malawi.

Vergeet die hare wat min word - hierdie twee word selde deur jonger, vinniger spelers op pad bal toe geklop. Spoed, soos hulle sê, sit in die kop, in voorgevoel, en nie in die bene nie.

Maar Chiefs se krag lê veral in hul wil om te wen, wat hulle in die halfeindrondte die kastaiings uit die vuur laat krap het toe hulle kort voor die einde 2-1 teen Cosmos agtergeloop het. Soos die wedstryd ouer geword het, het dit gelyk of die goud-en-swart bene net sterker word.

En wat kan Pirates - wat so lank in Chiefs se skadu geloop het - hierteen inbring? Die Buccanneers het ook hulle sterre soos Basil "Kaapse Dans" Steenkamp, 'n blitsvinnige voorspeler wat 'n driekuns in die halfeindwedstryd teen Bush Bucks behaal het, en Steve "BMX" Potsane, a doelskopper met 'n muilskop.

Op die verdediging behoort hulle hul man te staan, indien die jong doelwagter Innocent Myoyo nie senuagtig raak nie, en in die middelveld lê Pirates se krag, waar hul jeug en aggressie Chiefs kan ontsenu.

Maar 'n voorbeeld van hul swakheid is 'n jong speler, Basin Mahlangu, 'n wonderlike speler in die middelveld met die vermoë om deur die kwaaiste verdediging te sny. Maar daar is dae wanneer Mahlangu drie tot vier verdedigers ontduik, naby die doelpale kom, sy regtervoet regkry - en dan niks uitrig nie.

Meer as enigiets anders, het Pirates die selfvertroue nodig wat Chiefs altyd in oorvloed gehad het. As hulle dit kan vind - in die twee wedstryde in Soweto vanjaar is Bucs verslaan maar nie verneder nie - kan hulle die bordjies verhang.

Albei spanne sal hard baklei, en dít, meer as die briljantheid van individuele spelers, waarborg 'n Bob Save Super Bowl wat die ondersteuners moeër huis toe sal stuur as die spelers sélf.

As jy daaraan dink om môre sonder 'n kaartjie by Ellispark op te daag, neem 'n draagbare TV-stel saam. Jy sal nie plek kry nie, in elk geval nie wettig nie. Kry vroeg kaartjies, daag vroeg op, maak jou sitplekgrodel vas en geniet die wedstryd.


# Vrye Weekblad

ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE

DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER

## Tariefkaart

| | |
|---|---|
| Standaard-tariewe | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| Kleur | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| Spesiale posisie | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| Spesiale tariewe | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% |
| 13 " | 12,5% af |
| 26 " | 20% af |
| 52 " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |
| 1 plasing per maand * 12 | 15% af |

Tegniese besonderhede

Standaard poniegrootte (tabloid) van 39 cm diep by 26 cm wyd, 7 kolomme van 3,6 cm elk. (Nie dieselfde as redaksionele kopie nie.)


Spertye

Swart en wit: Laaste bespreking Maandag voor publikasie
Laaste materiaal Dinsdag voor publikasie
Kleur: Laaste bespreking Vrydag voor publikasie

Kansellasies: Op die laatste 12 uur middag, Dinsdag voor publikasie.

LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD

# Judo is die snaaksste sportsoort in SA




LAPPE LAUBSCHER

op die skoonveld

**BERT BLEWETT** moet volpunte kry vir sy televisie-program oor die wol om bokspromotors se persvrystellings. In Suid-Afrika is ons nie daaraan gewoond om ondersoekende joernalistiek op televisie te sien nie. Blewett het die week die vraag reguit gevra of 'n man nog alles kan glo wat opgedis word.

In die program, wat vir 'n verandering ook gebalanseerd was, het dit duidelik geblyk dat boks se publisiteitsmanne ook verbeeldingryke mense moet wees. Die manne moet aan die media iets meer gee as net twee name en 'n datum.

Soos so baie keer die geval is as verbeelding ook 'n rol begin speel, is daar promotors wat soms die botter net te dik op die brood smeer. Dit laat die verantwoordelikheid dan op die media om die kaf van die korrels te skei.

In 'n tyd waar die media die skuld vir alles kry - van WP se onvermoë om die Curriebeker te wen tot filmmakers se onvermoë om 'n goeie fliek te maak - is die siftingsproses nie altyd so maklik nie.

**Die snaakste sportsoort** in Suid-Afrika is judo. Die klomp gillende, skoppende pajamadraers wou dié week deur 'n hofinterdik keer dat vanmiddag se stigtingsvergadering van die Suid-Afrikaanse Konfederasie van Sport plaasvind.

Die rede was nie, soos verwag kan word in die tye van naasteliefde, dat die nuwe konfederasie nie aan almal 'n gelyke kans gaan bied nie, maar omdat niemand wil luister as judo praat nie!

Miskien moet 'n man maar aanvaar dat die ou Romeine reg was toe hulle jare gelede al gesê het "Ex Africa semper aliquid novi."

**Rugby se poging** tot eenwording is seker die opwindendste stukkie sportnuus van die afgelope tyd. Miskien kan enige bespiegeling oor die hele aangeleentheid sake net bemoeilik. Uit die hoek kan ons net duime vashou dat "die wat bymekaar hoort bymekaar gebring" sal word.

**Nuwe besems** vee skoon, lui die ou spreekwoord. Johan du Plessis, die nuwe baas van die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee, is 'n man wat met mening weggespring het. Sy pogings om Suid-Afrika weer aanvaarbaar te maak in die wêreld van sport gaan beslis fyn dopgehou word. Hy is tans vol optimisme. Ons hou hom dop.

**Johnny du Plooy** is weer landuit. Dié keer gaan hy glo die wêreld wys dat hy die nuwe wit hoop is. Sy vorige wit-hoop-sending het taamlik katastrofies verloop. As hy weer misluk kan hy maar sy handskoene ophang. Niemand gaan meer glo dat hy meer werd is as 'n goeie kroegbakleier nie.

# Raak veerpyltjies nou 'n sport vir toeskouers?

Thabo Lennerd

MENSE wat veerpyltjies met bierskuim om die mond, bordkryt aan die vingers en dofbeligte kroeë vereenselwig, mis die kol heeltemal.

Nog 'n mistasting is dat dit net die manne se "game" is. Mans en vroue gooi al sedert 1961 op georganiseerde wyse pyle onder die vaandel van die South African Darts Board of Control (Sadboc).

Sadboc is een van twee Sacos-geaffilieerde liggame wat wat ook amptelike bande met internasionale beheerliggame het. Meer nog, met die totstandkoming van die World Dart Federation in 1976 was sy eerste president wyle Shun David, Sadboc-president.

Maar voordat oë begin blink oor 'n internasionale pyle-toer na Suid-Afrika, is daar ongelukkig 'n "Shanghai" - 'n manier hoe jou opponent uitgeskakel word in veerpyltjies.

In 1977 het die Verenigde Volke 'n moratorium op sport ingestel wat beteken dat Suid-Afrika nie internasionaal mag meeding nie. Soos ander Sacos-liggame het Sadboc ook hul steun hieraan toegesê, met die gevolg dat hul spelers nie aan internasionale kompetisies sal deelneem voordat apartheid afgeskaf is nie.

In 1976 het die Suid-Afrikaner George Cottle sestiende op die eerste Wêreld- Meesterstoernooi in Londen geëeindig.

Intussen woon Sadboc, as Suid-Afrika se enigste verteenwoordiger, nog steeds die wêreldliggaam se twee-jaarlikse vergadering by en het gesonde betrekkinge met ander pylspelende lande.

Sadboc se algemene sekretaris, Mervyn Johnson, sê hul besluit om nie verder aan internasionale kompetisies deel te neem nie is met teleurstelling begroet in die WDF, maar die mense toon begrip vir die Suid-Afrikaners se posisie.

Johnson hoop dat hulle die liggaam se vergadering volgende jaar in Kanada kan bywoon. Die Suid-Afrikaners kon die afgelope twee vergaderings - in Australië en Denemarke - nie bywoon nie omdat visums aan hulle geweier is. Ondanks die feit dat Sadboc nie-rassig is, het die regerings aangevoer dat niebetrokkenheid by Suid-Afrikaanse sport volgehou moet word.

Johnson sê Sadboc het reeds in 1977 probeer om met die wit South African Darts Association (Sada) saam te smelt. Sada het die aanbod verwerp.

Johnson glo dat veerpyltjies 'n toeskouersport kan word omdat 'n elektroniese telbord - die eerste in Afrika - deur Sadboc aangekoop is. Benewens die telling word 'n vergrote weergawe van die pylbord onmiddellik op 'n skerm gewys nadat die pyltjie gegooi is.

Dit sal moeilik wees om die beeld van veerpyltjies te verbeter. "Almal glo maar nog veerpyltjies is 'n kroegsport," sê Johnson.

## Bemark sport - konsultant

DIE veteraan skakel-konsultant Geoff Wald het vandeesweek 'n skerp aanval geloods op sportadministrateurs en sportborge oor hul hantering van sporttoergeleenthede.

Op 'n konferensie in Johannesburg het hy gesê 95 persent van sportborgskappe in Suid-Afrika misluk.

"Die basiese oorsaak is is die gebrek aan kundigheid in die hantering van die bemarking van sporttoernooie. "Borge is onwillig om kundigheid van buite te kry en probeer om dinge self te doen, met rampspoedige gevolge."

Hy het krieket as 'n voorbeeld gebruik en gesê hy was geskok toe hy hoor "krieket hoef nie meer verkoop hoef te word nie".

"Krieket en sport - per se - moet altyd verkoop word, en dit is naïef om anders te dink.

"Sport kan nie meer net as sport beskou word nie, dit moet soos enige ander produk beskou word. En binne die raamwerk van krieket is daar byvoorbeeld sekere 'produkte': dag-nag-, eendag-, driedagwedstryde.

"Elkeen van hierdie entiteite moet as 'n verskillende produk bemark word." - Sapa

# SAUK nie by Howabeker-wedstryd verwag nie . . .

Dennis Morris

DIE SAUK sal môre (Saterdag) seker die grootste opskudding op die Adcock-stadion in Port Elizabeth veroorsaak as hy daar sou opdaag om verslag te doen oor die Howabeker-krieketwedstryd tussen die Westelike Provinsie en die Oostelike Provinsie.

Die SAUK se beleid is blykbaar om nie verslag te doen oor wedstryde wat onder die vaandel van die Suid-Afrikaanse Sportraad (Sacos) gespeel word nie.

Die spelers, skare, skeidsregters en amptenare sal seker neerval van verbasing as hy more 'n nuwe beleid volg.

Alle spanne wat by Sacos geaffilieer is, is bewus daarvan dat die SAUK 'n wye draai om hul wedstryde loop en hulle sal oudergewoonte more se wedstryd ver van die televisiekameras speel.

Aanvanklik moes die WP, die verdedigende kampioen, sy aartsvyand in Kaapstad aandurf, maar die OP het hom gevra om liefs in Port Elizabeth te speel sodat hulle vanaand (Vrydagaand) kragte kan meet in 'n beperkte boulbeurte-wedstryd.

Die opbrengs van die wedstryd sal aan die veteraan bouler van die OP en gewese kaptein, Jeff Frans, gegee word.

Môre se wedstryd sal 'n vuurdoop wees vir die nuwe kaptein van die WP, Vincent Barnes, wat die leierskap van die uitgetrede Saait Magiet oorgeneem het.

Barnes is die vinnigste bouler in die Suid-Afrikaanse Krieketraad en sy kookwater-boulwerk was die afgelope paar jaar daarvoor verantwoordelik dat sy span die kompetisie oorheers het.

Môre sal hy egter moet wys dat hy meer as net 'n snelbouler is. Hy het egter van jaar sy leierskapsvernuf op die sokkerveld gewys deurdat hy die WP Sokkerraad gehelp het om die interprovinsiale kampioenskap in te palm. Barnes is nie skrikkerig vir die taak wat op hom wag nie.

"Die OP is gewoonlik ons sterkste teenstanders in die stryd om die Howabeker, maar ons sal hulle vroeg in die wedstryd moet vasvat," sê hy.

Die spanne is: WP: Vincent Barnes (kaptein), Stuart Hendricks, Sheraj Gabriels, Nazeem White, Faiek Davids, Deon Kemp, Yunus Thomas, Shukri Conrad, Randall Cupido, Reggie February en Ismail Behardien.

OP: Khaya Majola (kaptein), André Peters, Mongezi Majola, Garth Cuddumbey, Richard Balley, Ashwell Frans, Gary Balley, Allister Coetzee, Shaun George, Vernon Frans en Mandeci Mali.

## Perdewedrenne

# Toetskoors loop hoog op Gosforth Park



Equus

TOETSKOORS heers dié naweek in wedrenkringe. Die geleentheid is die groot botsing tussen Suid-Afrikaanse jokkies en 'n groep besoekende oorsese jokkies wat op Gosforth Park buite Germiston plaasvind.

Dit is die eerste keer sedert 1985 dat Suid-Afrikaanse jokkies 'n kans kry om op eie werf hul staal teen die beste jokkies uit Brittanje te wys.

Wedrenbase aan die Rand verwag dat die botsing 'n groot toeloop onder wedrengangers sal veroorsaak en dat die gewone man ook meer geld in gewilde potte soos die Kies Ses en die Boerpot sal steek.

Die Suid-Afrikaanse span word aangevoer deur Felix Coetzee terwyl die bekende Muis Roberts, wat die afgelope tyd in Brittanje gejaag het, in die ietwat ongewone posisie is as die kaptein van die besoekers.

Die wedrenklub het drie wedrenne gekies wat gebruik sal word om die wenner van die internasionale toets te bepaal.

Dit is onderskeidelik die vyfde, sewende en agste wedren op die plaaslike program.

Die besoekers sal ook aan die derde wedren deelneem maar hier sal punte op 'n individuele basis toegeken word.

In die drie wedrenne wat deel uitmaak van die toets sal elke span twaalf punte verdien as sy perd eerste oor die wenstreep jaag. Die jokkie wat heel laaste van die twaalf deelnemers eindig, sal 'n troosprys van een punt verdien.

Aan die einde van die dag sal die span wat die meeste punte verwerf as die wenner van die toets aangewys word, terwyl die jokkie wat die beste presteer die individuele kampioen sal wees.

Volop opwinding kan op die baan verwag word, maar dit is moeilik om die uitslag te voorspel. Alles dui daarop dat 'n baie taai en gelykop stryd verwag kan word.

In die vyfde wedren kan die Suid-Afrikaners moontlik koning kraai met Fire of Life en Sky Safari, wat onderskeidelik deur Garth Puller en Gavin van Zyl gery word. Die besoekers het moontlik die beste kans met Civil Saint wat deur Bruce Raymond gery word.

In die tweede been van die toets kan 'n kwaai tweestryd tussen die kapteins van die spanne verwag word.

Felix Coetzee is op die rug van Petit's Queen terwyl Muis Roberts met Sweet Honey die pap dik sal aanmaak.

Albei perde is goed op stryk en 'n titaniese stryd kan hier verwag word. Wurthaturn, wat deur Mike Kinani gery word, kan die besoekers verder bevoordeel.

Die laaste been van die toets is 'n Graduadation Plate wat oor 1700 meter beslis word.

Die besoeker Walter Swinburne op die rug van Windward Passage kan moontlik die louere hier inoes en 'n tweede sege met die perd behaal. Die Suid-Afrikaners van wie hy sterk teenstand kan verwag is Raymond Rhodes (First City), Garth Puller (Divide 'n Rule) en Felix Coetzee (Lords Heiress).

Een van die belangrikste wedrenne wat die naweek afgehandel word, is die Allen Snijman Stakes, met 'n prysgeld van R75 000, wat as die hoofwedren op Gosforth Park aangebied word.

In die wedren, wat ook deel van die Kies Ses uitmaak, lyk sake baie oop.

Royal Season en Fearless Streaker is albei goed op dreef maar Castleton en Prancing Prince klop ook al lank aan die deur en moet beslis oorweeg word.

**Die Kies Ses: R54 (Gosforth Park)**
**Eerste been: 5 en 6**
**Tweede been: 5, 9, 11**
**Derde been: 5, 8, 9**
**Vierde been: 11, 9, en 12**
**Vyfde been: 2 en 6**
**Sesde been: 2**

# SPORT

Vrye Weekblad

● Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek

● Bl. 15 Isacos en Veerpyltjies

# Pierre Coetzer se waterskeiding

**Deur Lappe Laubscher**

MÔREAAND kom Pierre Coetzer in die Standardbank-arena voor 'n waterskeiding te staan wanneer hy teen Ossie Ocasio deur die toue klim. Vroeëer vanjaar het Ocasio Coetzer 'n boksles gegee.

Ná die tyd was verskonings volop. Coetzer het pas herstel van 'n aanval van geelsug. Hy was klaarblyklik nie op sy beste nie.

Al die verskonings kan dié keer nie weer aangebied word nie. Coetzer self is vol vertroue.

Die vraag is net wat 'n oorwinning oor Ocasio vir Coetzer in die sak gaan bring. Hy sal wel 'n nederlaag kan wreek, maar niemand kan beweer dat Ocasio in dié stadium van sy loopbaan 'n faktor in wêreldboks is nie.


Die Suid-Afrikaanse bokspubliek raak ook al taamlik moeg van boksers wat in herontmoetings vroeëre nederlae moet wreek. Boks het die stadium bereik waarin stoei was in die dae toe wyle Bull Hefer die septer geswaai het.

As Coetzer wel môreaand wen, sal Alan Toweel moet begin kyk na werkliker name in die bokswêreld om vir sy bokser in te voer. Die kans dat Coetzer ooit wêreldkampioen sal word, is skraal.

Toweel sal dus versigtig aan sy man se loopbaan moet beplan. Hy het in Coetzer weer 'n bokser in die klas van wyle Pierre Fourie. Deur versigtig te bou kan hy nog 'n paar jaar goed geldmaak. Coetzer kan egter nie langer sy geloofwaardigheid behou as hy net teen uitgediende slaansakke in die kryt geplaas word nie.

'n Nederlaag sal vir Coetzer die einde van die pad beteken. Hy sal dan sy laaste dae as 'n slaansak vir opkomende boksers in die kryt deurbring.

'n Geveg teen Johnny du Plooy sal dan waarskynlik as 'n laaste betaaldag vir albei dien.



Pierre Coetzer



Sokker koning Ruud Gullit, van Italiaanse sokker klub AC Milan

# Kan enigiemand by Johnstone oorneem?

**Lappe Laubscher**

TONY Johnstone is besig om van die huidige Sonskynreeks 'n fondsinsameling vir die Johnstone-familietrust te maak. Nadat hy eers die slagspeltoernooi by Sun City gewen het, het hy verlede week ook die Bloemfontein Classic ingepalm.

Die week, by die Suid-Afrikaanse Meesters, sal die PGA duim vashou dat Johnstone 'n slag nie eerste kom nie. Nie dat iemand iets teen die rooikop Zimbabwiër het nie, maar die res van die reeks kan in 'n optog ontaard as Johnstone nie nou gestuit word nie.

Ongelukkig het Mark McNulty, David Frost en Fulton Allem besluit om nie in vanjaar se reeks te speel nie. Met die Amerikaanse reeks wat reeds in die tweede week in Januarie afskop en dan deurloop tot aan die einde van November, kan daar begrip wees vir die manne wat net een of ander tyd 'n vakansie ook wil inpas.

Vir die Suid-Afrikaanse gholfliefhebbers is dit egter slegte nuus. Frost het met sy twee oorwinnings in Amerika hom nou gevestig as die derde beste speler in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse gholf. Net Player en Locke het in dié stadium beter rekords as Frost in internasionale gholf.

Miskien moet daar tog maar gepoog word om vir Frosty om te praat (om te koop?) om minstens aan die Suid-Afrikaanse Ope deel te neem. Hy het vroeër vanjaar in die Britse en Switserse Opes buite Amerika gespeel.

Die Suid-Afrikaanse Ope kan sy status as een van die wêreld se oudste toernooie sonder spelers van die gehalte van Frost verloor.

Van die jonger spelers wat die afgelope aantal jare op die Suid-Afrikaanse gholftoneel verskyn het, het nie een nog werklik 'n deurbraak gemaak nie. Justin Hobday, Peter van der Riet en Wilhelm Winsness is waarskynlik die drie met die meeste talent. Tog kon nie een van die drie nog werklik sy stem dik maak nie.

Onder die nuwe manne vanjaar is daar nie een wat lyk asof hy 'n Frost van die toekoms kan wees nie. Des Terblanche is die man wat verlede jaar se nuweling van die jaar was. Des lyk egter ook nie na die volgende ster nie.

Vir die Sonskynreeks se onthalwe kan daar net gehoop word dat 'n persoonlikheid binnekort na vore tree. Sport se gewildheid is afhanklik van persoonlikhede.

Gary Player en Naas Botha was die laaste twee persoonlikhede op Suid-Afrikaanse sport se uitspansel.

# Sokker koning Gullit kom na Harare

**Dennis Morris**

RUUD GULLIT, een van die wêreld se beste en mees opwindende sokkerspelers, sal teen middel volgende jaar 'n draai in Harare en Gabarone maak om 'n reeks afrigtingsklinieke aan te bied.

Die klinieke word deur die South African Non-Racial Olympic Committee en die Apartheidsbeweging in Amsterdam aangebied.

Na verwagting sal slegs lede van die Suid-Afrikaanse Sokkerfederasie, die organisasie aan wie Suid-Afrika sy skorsing uit wêreldsokker te danke het, by die kursusse welkom wees.

Dit blyk dat lede van die National Soccer League en die Sokkervereniging van Suid-Afrika, wat onlangs samesprekings met die ANC gevoer het, nie toegelaat sal word om deel te neem nie.

Volgens Vincent Baartjes, sekretaris van die Federasie, is die liggaam die enigste in Suid-Afrika wat deur Sanroc erken word en sal slegs sy lede die afrigtingskursusse mag bywoon.

Die beroepspeler Duncan Crowie, 'n hoërskoolonderwyser van Mitchell's Plain in Kaapstad, word allerweë beskou as gunsteling om deur die Federasie aangewys te word om by Gullit kers op te steek.

Crowie, 'n bobaas doelskieter, is kaptein van die beroepspan Lightbody's. Hy is ongetwyfeld die beste speler in die Federasie.

Volgens Baartjes is Crowie sy organisasie se eerste keuse om Gullit se kliniek by te woon omdat hy verlede jaar die Federasie se Speler van die Jaar was.

"Crowie sou 'n afrigtingskursus wat deur Sanroc gereël is volgende jaar in Londen bywoon, maar dit kan aanvaar word dat hy die een wat deur Gullit aangebied word, sal bywoon," het Baartjes gesê.

Gullit is die kaptein van Nederland se sokkerspan en het verlede seisoen 'n reuse bydrae gelewer toe sy land die Europese beker gebuit het.

Hy het tot dusver geen geheim van sy afkeer aan apartheid gemaak nie en het reeds aan etlike veldtogte teen apartheid in Nederland deelgeneem.

Verlede jaar het hy seker sy mees opspraakwekkende gebaar teen apartheid gemaak toe hy sy prys as Europese Speler van die Jaar opgedra het aan Nelson Mandela, leier van die verbode ANC.

In 'n onderhoud daarna het hy oor apartheid gesê: "Ek dink almal in die wêreld het hul siening van die politieke situasie.

"Ek is gelukkig in die posisie om sekere dinge onder die media se aandag te bring."

# VryDag



## CLEGG: in die draaikolk van superroem

- Antjie Krog se Kersfees
- Mahlathini: die leeu is terug
- Darrell Roodt oor sy Jobman
- Muti in die supermark

Bylaag tot Vrye Weekblad 25 November 1988

# Landwye toer vir Savuka

Chris du Plessis

JOHNNY CLEGG en Savuka gaan vroeg volgende jaar 'n landwye toer onderneem. Hulle sal tussen die sesde en die veertiende Januarie in Kaapstad (by die Goeie Hoop Sentrum), Port Elizabeth (by die Expo), Johannesburg (Standard Bank Arena) en Durban optree.

Hy gaan ook definitief met sy ou musiekmaat, Sipho Mchunu, opnames maak voordat hy weer in Maart volgende jaar na Los Angeles vertrek om sy nuwe langspeler met Hilton Rosenthal op te neem.

Intussen het Clegg verlede week saam met 'n ander internasionale "mega"-ster, Robert Palmer, begin toer. Die toer is vir Kanada en Amerika beplan.

Volgens Clegg se vrou Jenny wat verlede week in Suid-Afrika uit Amerika aangekom het met hulle vier-jaar oue seun Jesse Umpiyezwe (stryd vir die volk), is die groep met die eerste vertoning in Vancouver, Kanada deur 'n gehoor van meer as 5000 staande toegejuig nog "voordat hulle die dans begin het."

Savuka se opvoerings met Steve Winwood in Brittanje en Earth Wind and Fire in Duitsland en Skandinawië sowel as hulle enkelvertonings in Spanje en Italië, het ook oral staande toejuigings uitgelok. In sy eie woorde is Johnny nou behoorlik vasgevang in die "draaikolk" van superroem.


Volgens sy bestuurder in Suid-Afrika, Roddy Quinn, verwag Clegg om nog voor Kersfees 'n goue plaat met Shadow Man in Kanada te verwerf. Die plaat is reeds goud in Frankryk, België en Nieu-Seeland en sal na verwagting binnekort in Duitsland ook goud word. Sy bestuur het ook dié week gehoor dat Savuka die top 30 trefferlys in Spanje op nommer 23 ingebaas het.

Die Franssprekende lande in Afrika is vir die afgelope twee jaar al Clegg-mal. Die groep se vorige langspeler, Third World Child, is al lank platinum (dubbel-goud) in Frankryk.

Op pad terug van Amerika gaan Savuka twee reuse konserte ("met honderde-duisende mense," voorspel Jenny) in die Franssprekende Indiese Eilande van Mauritius en Reunion.

Maar volgens Roddy is die groot prys, Amerika, ook nou in sig. Tradisioneel is die Amerikaanse mark die moeilikste om binne te dring.

Hulle aanvaar nie maklik musiek wat nie in die standaard rock-formasie pas nie.



Johnny Clegg

Clegg se nuwe beklemtoning van tradisionele Zoeloe-melodieë, in plaas van ritmes wat vir die Amerikaners vreemd is (hy werk nou met dié melodieë oor 'n standaard rock-basis soos die Senegalees, Mori Kante), het egter gesorg dat sy plate nou deur die Amerikaners opgeraap word.

"Die ys is gebreek," sê Roddy. "Die Amerikaners begin nou byt." Savuka se verkope staan na twee maande op 70 000 eenhede in die land.

Hy is onlangs vir die tweede keer genooi om op die Johnny Carson Show, wat 'n kykertal van miljoene het, met 'n spesiale "Thanksgiving" vertoning op te tree.

Sy populariteit het ook gestyg nadat hy twee weke gelede 'n gas was op Saturday Night Live.

Dit is die mees populêre program vir "intelligente" jongmense in Amerika en die weeklikse drie-kwartier wat John Belushi, Chevy Chase en ander lede van die nuwe generasie voorstaanders van "chemichally-induced stand-up comedy" bekend gemaak het.

Volgens Roddy gaan die groep hulle volgende jaar daarop toespits om die Amerikaanse mark te verower.

Maar nie voordat hy vir 'n ruk by die huis kom "rus" het nie. Tydens die "rusperiode" gaan Johnny (na sy landwye toer) iewers tyd maak om saam met sy ou Juluka-maat Sipho Mchunu snitte op te neem vir 'n nuwe Juluka-langspeler.

"Maar," lag Jenny, "iewers tussen al die afsprake moet hy tyd inruim vir my en Jesse." Daarvan sal sy seker maak.



Die Leeu van Soweto

# Meneer mbaqanga weer terug in SA!

Chris du Plessis

DIE LEEU van Soweto is terug. Mahlathini en die Mahotella Queens het Sondag in Suid-Afrika aangekom na 'n toer van ses weke (en twintig vertonings) in Europa. In sy tas was die Woza Afrika-toekenning wat hy in New York ontvang het "for his work in developing Township music".

'n Ander veteraan-mbaqangaïs, Phillip Thabane, het in Oktober dieselfde toekenning ontvang.

Hulle nuutste langspeler Soweto/Paris verkoop soos gestoomde mielie-brood (mbaqanga) in Frankryk en Duitsland. Die Engelse is nog steeds meer beïndruk met Thokozile, sy vorige langspeler met die Queens.

"Ons weet nog nie waar en wanneer nie," het hy Sondag gesê, "maar ons gaan vir ons eie mense wys waaroor ons musiek gaan voordat ons weer vertrek..." Die groep gaan in Februarie by die Winnipeg-musiekfees optree. Direk daarna tree hulle op by die bekende Montreaux jazz-fees.

Volgens hulle bestuurder, West Nkosi (self op sy dag een van die groot Sophiatown jazz-manne), het twaalf van die vyftien beoordelaars wat groepe vir Montreaux moet kies, hulle aanbeveel.

Nkosi meen Suid-Afrikaanse musiek word nou so populêr oorsee dat hy van sy ou "Saxophone Jive"-reeks (van 1973) daar gaan vrystel: "Die Europese en die Amerikaanse musiek-wêreld is rigtingloos. Hulle soek na iets nuuts. En dit is wat hulle in ons musiek, die tradisionele township-musiek wat nêrens anders voorkom nie, gevind het."

Die treffersnit op die nuwe Mahlathini plaat, Gazette, is gebaseer op 'n Shangaan-deuntjie wat hy in 1982 saam met Obed Ngobeni opgeneem het.

Hoewel Nkosi dit nie erken nie, herinner dit sterk aan Malcolm McLarren se kontroversiële Duck Rock. (McLarren, die skepper van Punk en die Sex Pistols, het dié wysie destyds gesteel by een van Nkosi se ander deuntjies, Two Mabone).

Simon Nkabinde Mahlathini word algemeen erken as die vader van mbaqanga.

Hy is in die vyftigerjare sterk beïnvloed deur Aaron Lerole (skrywer van Tom Hark - die lied wat kwela-musiek vir die eerste keer as KWELA laat bekend staan het).

Hy het die "groan" (Ukubodla - Zoeloe vir bulder of brul wat sy oorsprong gehad het in tradisionele Nguni manlike koorsang) bekend gemaak.

Hy het gou uitgestaan onder die townships se ander Simanje-manje groepe (groepe met 'n manlike voorsanger en 'n sopraano vrouekoor - gewoonlik drie of vier lede - wat daarop antwoord).

Hy het ook tradisionele Zoeloe-drag gemeng met die flambojante "Jewish" of Amerikaanse style van die tyd. Saam met die Townships Nymphette wat later bekend geword het as die Mahotella Queens het hy nie net die nuwe mbaqanga-revolusie gelei nie maar 'n nuwe dans daargestel wat bestaan het uit 'n mengsel van township Jive-passies en tradisionele Zoeloedans.

Hy bly tot vandag die simbool van swart verstedeliking en krag van die Imbongi (Nguni lof-digter).

Mahlathini het vir sowat tien jaar van die toneel verdwyn, maar met die nuwe belangstelling in Suid-Afrikaanse musiek weer met die koninginne van mqashiyo, die Mahotella Queens, gehergroepeer om die wêreld met mbaqanga te verower.

Hy is vol hoop dat ons musiek binne die volgende paar jaar 'n hoofrol in Westerse musiek wêreldwyd gaan speel. "Ons moet net vir ons jongmense leer dat daar nie 'n toekoms is in siellose disko-mabqanga nie.

"Die deure is wyd oop vir ons musiek."

Met dié voorwaarde dat ons nie van ons "roots" afstand doen nie," sê hy.

Die rede waarom ons eers volgende jaar Soweto/Paris op die rakke sal sien, is omdat Suid-Afrikaners nog nie hul eie musiek ontdek het nie.

# Droom word waar in Yeoville



Kim Sacks

Debbie Vermeulen

KIM SACKS se droom word waar wanneer die deure agter die vrolik versierde "Afrika"-mure vanaand die eerste keer oopgaan: haar eie galery!

Die lewensgrootte vertoonkas vir handwerk - die Kim Sacks-galery - se eerste uitstalling sal uit handgemaakte Afrika-kuns bestaan.

In "Expressions of Africa" sal onder meer keramiek, pottebakkerswerk en juwele te sien wees.

Skaars 'n jaar gelede het Kim op 'n lieflike paar "semi's" in Yeoville afgekom en die idee het dadelik by haar posgevat.

"Ek moes natuurlik iewers woon, waarvoor ek die een helfte gebruik het.

Die ander helfte kon 'n ideale galery word..."

Daar is verbou en gebou. Aan die agterkant het 'n werkswinkel verrys.

Oor die werkswinkel vertel sy gretig: "Dis baie dinge. Mense word daar opgelei in die gebruik van klei, daar word gewerk en dit is ook 'n plek waar die publiek kan kom kyk hoe ons werk." Glasblasery en weefwerk moet later bykom.

Kim se passie vir handgemaakte kunsartikels kom al van ver af. Sy maak al potte vandat sy twaalf is.

Later het sy in Griekeland, die Midde-Ooste, Israel, Denemarke, Swede, Spanje en Amerika gereis en gestudeer.

Kim is egter ewe lief daarvoor om Venda en Gazankulu te besoek en vir "'n paar dae tussen die tradisionele pottebakkers te woon en daar tegnieke van hulle te leer".

Kim het in 1974 van haar werk begin uitstal, eers in Johannesburg, daarna in Israel en later in Denemarke. 'n Versameling van haar potte is in 1986 in Engeland uitgestal en daarna in Johannesburg.

Sy is ook 'n fotograaf, vervaardiger van dokumentêre programme en is besig met 'n boek oor kunstenaars en kunshandwerke in die Derde Wêreld.

# Roodt peins nie: hy maak rolprente

**Terwyl die Suid-Afrikaanse filmbedryf dieper in onsekerheid verval, is Darrell Roodt reeds druk besig met sy volgende rolprent. Sy vermoë om sy ideale byna blindelings na te streef en sy onuitputlike energie het hom in die afgelope paar jaar een van ons mees suksesvolle jong regisseurs gemaak. Chris du Plessis het met hom gepraat**

DARRELL ROODT pla mens om twee redes. Hy bestel tee nadat jy reeds "bier 'seblief" gesê het. Wat seker die rede is waarom hy soveel meer GEDOEN kry as ander mense. En dis die tweede rede waarom mense hom irriterend kan vind. Hy maak jou akuut bewus van jou eie loomheid.

Die kombinasie van hops en middagson laat my kop effens sak. Darrell praat 'n hond onder 'n bos uit.

Hy en sy span is besig om die laaste stad-tonele vir sy nuwe rolprent te skiet. Hulle vertrek die volgende dag na die Karoo om vir nege weke op Hofmeyr te verfilm.

Darrell beskou sy nuwe prent, Jobman, as sy "deurbraak". Hy sê hy het baie geleer uit vorige foute. Sy eerste groot projek, Place of Weeping, is deur plaaslike kritici as snert afgemaak. Dit is onder meer beskryf as "'n verleë oorgawe aan vlak stereotipes om internasionale gehore te beïndruk."

Sy tweede poging, Stick, wat handel oor 'n groep troepe in die bos wat met die broeiende spoke in hulle eie koppe gekonfronteer word, is ook met gemengde gevoelens ontvang. So ook sy eerste "kommersiële" poging met City of Blood.

Maar Darrell peins nie oor ou probleme nie. Mens kry die indruk dat hy glad nie oor die vermoë beskik om dit te doen nie.

"Ek dink baie van ons begin nou besef dat mens dieselfde stellings kan maak, dieselfde dinge sê op meer kreatiewe, meer subtiele maniere," sê hy.

Met "ons" bedoel hy 'n "nuwe geslag" van jong Suid Afrikaanse filmmakers wat oor die afgelope paar jaar hul verskyning gemaak het. Hy noem die name van Andrew Worsdale (wat verantwoordelik was vir die dramatiese dokumentasie van middelklas stedelike angst in Shot Down) en Oliver Schmitz.

Jobman is Darrell se eerste projek wat hy sonder die rolprentvervaardiger Anant Singh aanpak. Die draaiboek is 'n verwerking van 'n kortverhaal deur Achmat Dangor.

Dit handel oor 'n doofstom plaaswerker wat deur beide sy eie gemeenskap en die stad waar hy gaan werk soek, verstoot word. Dit speel in die sestigerjare af. Die verworpe "Jobman" gaan terug na die plaas van sy herkoms om sy vrou en kinders te gaan haal. Sy doel is om hom saam met hulle uit die "samelewing" te onttrek. Hy maak twee van die werkers dood as hulle hom probeer keer.

Hy vlug dan met sy familie na die berge. Die enigste persoon wat weet hoe om hom op te spoor is die eienaar van die plaas, wat ook sy beste vriend was as kind...

Tertius Meintjies vertolk die rol van die plaaseienaar en Kevin Smith dié van Jobman. Lynn Gaines (wat tans saam met Sandra Prinsloo en Jana Cilliers in Quest for Love optree) is Jobman se vrou.

Marcel van Heerden en Gys de Villiers speel polisie-sersante wat help in die soektog na Jobman.

Darrel, nou 26, het altyd geweet hy wil rolprente maak. Hy het vier maande lank by die Universiteit van die Witwatersrand drama bestudeer voordat hy besluit het dinge beweeg nie vinnig genoeg vir hom nie. Die aanstellings op die produksiespanne van plaaslike prente het hom ook frustreer. "Al daardie verlore geLEENTHEDE," verduidelik hy.

Sy geloof dat hy dinge kon beter doen het hom gou laat besluit om sy eie rolprente te maak.

Hy en die kameraman wat nog tot vandag saam met hom werk, Paul Witte, het toe met gesteelde film-voorraad hulle eerste prent aangepak...

Hoewel dit duidelik is sal Darrel 'n punt daarvan maak om jou te vertel hy verkies dade bo woorde. "Ek is eintlik 'n baie vervelige mens," sê hy. "Ek wil net alles op film sien. Dit is die enigste manier waarop ek dinge kan sê."

Sy kop is vol idees. Terwyl ons gesels flikker een skielik na vore: "Mense besef nie die energie wat agter die vervaardiging an 'n rolprent sit nie," sê hy.

"Ek wil nog 'n dokumentêre prent maak van al die verskillende stadiums, die verskeie psigologiese vlakke waardeur die vervaardigers en die produksiespanne van rolprente gaan tydens verfilming..."

Hy sal dit seker nog doen voordat my bier klaar is.



Darrell Roodt

# Hanna: Sionistiese martelares uit die jaar 1944

Felice Orsini

ONS is baie verskuldig aan Alain Jakubowicz, die redigeerder van "Hanna's War", wat binnekort by Metro-teaters begin.

Want het hy nie sy werk so deeglik gedoen nie, sou ons vyf ure lank moes sit en kyk hoe Menahem Golan op die silwerdoek vry met Maruschka Detmers. Nou duur die prent "net" twee-en-'n-half ure.

Jakubowicz het tydens die Cannes-fees vertel hoe hard hy met Golan gestry het om die film korter te sny.

Golan sukkel al 23 jaar om sy draaiboek te verfilm. (Hy is ook die voorsitter van Cannon Films, 'n rolprentmaatskappy wat onlangs R300 miljoen in die skuld was.)

Jakubowicz en Golan het toe geskik: Daar sou 'n rolprent en 'n reeks uit die tonele wat geskiet is, gemaak word en nie veel van Golan se geliefkoosde film sou op die redigeerder se vloer beland nie.

Moet my nie verkeerd verstaan nie. "Hanna's War" is nie 'n slegte prent nie. Dit is een van daardie prente wat jy as "indulgent" beskryf as jy nie juis weet hoe om te sê die regisseur kon homself nie van die inhoud distansieer nie.

Die heldin, Hanna Senesh (Maruschka Detmers), is in 1921 in Hongarye gebore, die dogter van 'n vooraanstaande toneelskrywer. Op 17 ontdek sy Sionisme en vertrek na Palestina om op 'n kibboets te gaan werk. Daar vang sy baie vis, skryf sy poësie, en publiseer sy artikels oor sosialisme.

(Die geskiedenis trek soms sy helde 'n ironiese streep, want kyk hoe lyk Hanna se Sionistiese ideale nou.)

In 1944 laat Hanna haar as valskermspringer oplei deur die Britte om Royal Air Force-vlieëniers te gaan help ontsnap. Maar sy het ander planne gehad. Sy wou die Britte net gebruik om in Hongarye te kom waar sy 800 000 Jode wou help om van Hitler se gruweldade te ontsnap.

Dit moet genoem word, omdat dié verhaal uiteindelik nie deel van die film is nie.

Hanna se verhaal herinner nogal aan een van ons eie helde en is 'n verdere bewys dat digters nie goeie aktiviste uitmaak nie. Hulle is wel goeie martelaars. En hulle verhale maak nogal goeie prente

Sodra Hanna in Boedapest aankom, word sy deur die polisie in hegtenis geneem. Golan wei breedvoerig uit oor Hanna se marteling deur die polisie. Sy oorleef, maar word 'n verleentheid vir die Duitsers en die Hongare. Die probleem word opgelos deur haar te skiet... enkele ure voordat die Russiese magte Boedapest bevry.

Asof die hartverskeurende gegewe nie genoeg is nie, is Golan se regie-styl 'n meedoënlose manipulasie van emosies. Tog kry spelers soos Detmers, Ellen Burstyn en Donald Pleasence dit reg om hul waardigheid te bewaar en sterk spel te lewer. En Golan bewys dat Cannon, as hulle die dag wil, 'n onderhoudende prent kan maak.





# Galgehumor in tekenprent

Bo: Bob Hoskins as Eddie Valient in Who Framed Roger Rabbit

**Who Framed Roger Rabbit.**
**Met Bob Hoskins en Joanna Cassidy.**
**Regie: Robert Zemeckis.**
**Tekenprent met akteurs.**
**Begin 2 Desember by Metro-teaters**

WAT doen 'n liefdevolle, hang-oor haas as hy van 'n moord, waarvan hy geen sout of water weet nie, beskuldig word?

Hy kry iemand wat "iets van speurwerk af weet" om hom te help om sy onskuld te bewys. En so beland hy letterlik in die skoot van die obskure karakter Eddie Valiant.

Roger (die haas) is 'n lid van die Cartoon-gemeenskap. Eddie HAAT die (Car)Toons. Maar hy stem teen sy sin in om vir Roger te help. Intussen is daar Roger se oorwulpse vroutjie, Jessica, oor wie daar dik in Toontown geskinder word...

Dit is maar net 'n paar van die intriges in Roger Zemeckis se nuwe fliek. Zemeckis, wat ook die treffer "Back to the Future" vervaardig het, het nou saam met Steven Spielberg filmgeskiedenis gemaak.

Hulle het iets aangepak waaroor elke filmmaker seker droom: om tekenkarakters met die werklikheid - en met regte akteurs - te kombineer.

Bob Hoskins, wat benoem is as beste akteur vir sy rol in Mona Lisa by die filmfees in Cannes, speel die rol van Eddie Valiant.

Dit was vir hom 'n groot uitdaging om "niks" te speel. Die tekeninge is eers later ingevoeg.

Die eindproduk is 'n tradisionele Film Noir speurverhaal met Comic-karakters in die hoofrolle. Zemeckis kry dit ook reg om vergelykings te tref tussen die lewende en die "kuns"-karakters se persoonlikhede. In die tradisie van die Film Noir word die manlikheid van die vroue-karakters beklemtoon.

Dolores (Joanna Cassidy) is Eddie se lojale meisie en 'n kelnerin by die Terminal-kroeg.

Jessica, ('n getekende karakter) is behalwe vir haar uiterlike bates ook geseën met 'n pragtige stem. Sy is die sangeres by die gewilde Ink and Paint Club waar die wêreld se gewildste eende sangpaartjie ook optree. Die rolprent se hoofbooswig is RK Maroon, (Alan Tilvern wat bekend is vir sy rol in "Little Shop of Horrors"). Sy wreedaardige karakter wys veral in die "ongewone" manier waarop hy Toons doodmaak.

Die rolprent begin met Maroon wat besig is om 'n film in Hollywood te skiet. Een van die "sterre" is 'n onvergeetlike tekenkarakter, Baby Herman.

Baby ondergaan binne oomblikke 'n metamorfose van avontuurlustige "baba" (wat onder die toesig van Roger amper die huis aan die brand steek), na 'n sigaar-rokende "grootmensie"...

Teen die einde van die prent is sulke bisarre gebeure alledaags. Die tradisionele "wreedheid" van die Amerikaanse tekenprent word amper onbewustelik deur die lewende karakters in die film beklemtoon.

Die rolprent, wat kan spog met die meeste tekenkarakters wat nog ooit in een film verskyn het, het agt jaar se werk gekos.

Tegnies is dit 'n meesterstuk en 'n moet vir almal wat verslaaf is aan Dashell Hammet of die "wreedhede" van die Comic-tradisie.

# Guinness laat die kroeë draai in Ierland

BJ Lankwarden

VANDAG wil ek iets skryf oor die hooggegiste biere van die wêreld, omdat hulle die interessantste is. Hulle het totaal individuele persoonlikhede.

Ongelukkig is daar geen Engelse ales op die mark nie maar ek twyfel nie dat die situasie binnekort sal verander nie - hulle het 'n uitgesproke klassieke en interessante smaak.

Die Engelse is beroemd vir hulle ales en min mense wat die lagers in Brittanje geproe het glo die storie dat die verkope van hul lagers veronderstel is om hul ales in 1995 verby te steek. Hopelik kom die Britte tot hul sinne ...

GUINNESS Dit is Ierland en die wêreld se beroemdste droë bitter stout. Sommige mense verkies om dit met vonkelwyn te meng - dan staan dit as Black Velvet bekend: 'n merkwaardige drankie. Dié bier het 'n vreemde uitwerking op die Iere en baie kroeë in Ierland het bordjies wat mense waarsku om nie die kroeg te verlaat voordat die kamer ophou beweeg nie.

ALT (GOTZWEILER, DIEBELS, DORTMUNDER KRONEN) Hierdie biersoort is die Duitse eweknie van ale. Die bier word alt genoem om die ou broustyl aan te dui. Die meeste alt word in Düsseldorf gemaak, maar nabygeleë stede produseer ook baie lekker alt. Die bier is effe koperkleurig en laat 'n skoon metaalagtige smaak in die mond.

WEIZEN Hierdie biersoort word nie net van gars gemaak nie maar dikwels met tot 50 persent koring. 'n Beroemde naam uit Berlyn is die Berliner Weisse. Dit is 'n ligte, effens suur, verfrissende bier. Dit kan met 'n skyfie suurlemoen bedien word; selfs 'n bietjie framboosstroop kan bygevoeg word.

Die koringbier uit die suidelike deel van Duitsland is 'n voël van 'n ander kleur. Hierdie bier is ietwat groter. 'n Goeie voorbeeld is Erdinger Kristall Weisser, wat 'n helder, goeie koringbier is.

DUVEL België moet as die wêreld se voorste bierland beskou word omdat baie meer biersoorte hier aangetref word as in enige ander land. Duvel (wat duiwel beteken) is 'n unieke bier wat hooggegis word maar so bleek as die bleekste bier is. Dit het 'n groot digte skuimerige kop. Die bier ruik asof dit uit 'n bakkery kom en het 'n kenmerkende vrugtige geur en smaak.

Daar is twee tipes beskikbaar: die groen etiket wat helder is en 'n alkoholinhoud van 7,5 persent het, en die rooi etiket, met 'n laag suurdeeg in die bottel. Dit is 'n sterker bier, en wêreldklas.

CUVEE DE L'ERMITAGE Hierdie bier kom uit die Franssprekende gedeelte van België, en is 'n klooster-biersoort.

Dit word dikwels die Armagnac van bier genoem, en is redelik donker met 'n alkoholinhoud van 7,5 persent. Dit is uiters geskik om na 'n ete te drink of wanneer jy in vrede met die wêreld leef en oor die lewe nadink. 'n Wonderlike bier.

Daar is nog baie ander hooggegiste biere op die mark en hulle verdien werklik aandag. Soek hierdie bier as jy drankwinkel toe gaan - hulle sal jou nie teleurstel nie.

Gesondheid.

Est 1987

Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u kersfunksie**

**Bespreek vandag : 836-6611/2**

# Bocuse: kyk wat jy koop en koop net die beste . . .

*The Cuisine of* PAUL BOCUSE

Koos Coetzee

"Elke oggend gaan ek mark toe en stap tussen die stalletjies rond. Dit is 'n tradisie van Lyon wat ek nie maklik kan opgee nie.

"Ek doen my eie inkopies omdat ek weet een stalletjie het die beste artisjokke, 'n ander baie goeie spinasie, terwyl 'n derde sy eie heerlike bokkaas elke oggend vars mark toe bring.

"Dikwels het ek nog nie besluit wat ek vir middagete gaan gaarmaak nie: die mark besluit vir my.

"Ek glo dit is die basis van goeie kookkuns."

Aan die woord is Paul Bocuse, waarskynlik die grootste lewende sjef in die wêreld, wat die Legioen van Eer van die vorige Franse president, Giscard d'Estaing, ontvang het. (Frankryk is 'n land wat sy sjefs eer.)

Bocuse is 'n man met baie selfvertroue, maar wanneer hy oor kos skryf is hy die nederigheid self.

Sy kombuis is 'n heiligdom, waar daar met eerbied gewerk word met die beste wat die skepping voortbring.

Sy inleiding tot sy meesterkookboek, The Cuisine of PAUL BOCUSE, kan as die geloofsbelydenis van die moderne Franse kookkuns beskou word.

Hy sit op helder wyse sy filosofie oor die kookkuns uiteen. Dit is nie vreemd dat hy begin met die inleiding hierbo nie.

Die eerste beginsel van die moderne Franse kookkuns (noem dit nouvelle cuisine as jy wil, maar later meer daaroor) is dat die heel beste, varsste bestanddele in kos gebruik moet word.

Dié reël is eenvoudig: met swak bestanddele kan geen goeie kos gemaak word nie.

Nie die grootste sjef in die wêreld kan ou wortels, laekwaliteit-aartappels, en swak vleis neem en 'n uitstekende ete daarvan kook nie.

Hy kan die wonderlikste souse oor die kos gooi, maar hy sal nie die minderwaardigheid van die basiese bestanddele vir die fynproewer kan verbloem nie.

Souse is in elk geval nie daar om die smaak van bestanddele weg te steek nie, maar om dit beter uit te lig en te komplementeer.

"Vir suksesvolle kookkuns is metode en ondervinding sekerlik belangrik, maar versigtige aankope en die keuse van bestanddele is vir my net so belangrik," skryf Bocuse.

Jy kan dus die tegniese vaardigheid van Bocuse self hê, die metodes van die kookkuns heeltemal onder die knie hê, maar as jy nie goeie bestanddele aankoop nie, sal jou kos steeds middelmatig wees.

Dit is skokkend om soveel ou groente en vrugte in baie restaurant- en hotelkombuise te sien rondlê.

En gaan krap in die yskaste dan sien jy die vis - wat altyd vars moet wees - lê al 'n week of langer daar.

(Ek kan hier 'n grustorie vertel oor kreef in 'n restaurant waar ek een keer gehelp het, maar bly eerder stil.)

Die feit bly staan: die toestand in baie kombuise in Suid-Afrika laat veel te wense oor.

Groente, vrugte, vleis, vis word in oormaat aangekoop sodat daar uiteindelik reisies gejaag moet word om dit op te gebruik voor dit sleg word.

Kom ons noem hierdie mentaliteit die opgaarsindroom: hoe groter die voorrade, hoe veiliger voel die sjef. Maak nie saak dat kwaliteit baie vinnig afneem namate die bestanddele ouer word nie - daar moet net genoeg wees.

Bocuse gaan koop sy groente elke oggend op die mark - en ook net genoeg om die dag te hou.

Topsjefs se yskaste is omtrent heeltemal leeg omdat hulle elke dag omtrent alles wat hul koop opgebruik.

Swak sjefs se yskaste is oorvol ... en die kwaliteit neem af.

Bocuse sê verder: "Moet nooit kortpad neem nie, maar soek die beste vleis, groente ens.

"Dit is net so waar wanneer jy tuis kook as vir die beroemdste restaurant."

En die beste bestanddele is gou nie meer goed ná 'n week of twee in die yskas nie. As jy goeie kos wil kook, lê jou sekuriteit in 'n leë yskas.

# 'n Plek van rus op 'n besige dag

Harridans, in die Markteatergebou

HARRIDANS is 'n oase op 'n warm besige dag. Sagte Afrika-motiewe en skilderye versier die mure, en die restaurant is stylvol gemeubileer sonder om uitspattig te wees.

Mens kan rustig sit en wyn drink en gesels terwyl jy vir jou kos wag. Dit was lekker om vir 'n verandering nie harde musiek te hoor nie - die afwesigheid van musiek laat die gesprek vloei.

Die kelnerin is vriendelik en verduidelik die geregte op die spyskaart - miskien kan hulle sommer op die spyskaart sê hoe die kos berei word.

Die kos is goed, nouvelle cuisine-erig, en die porsies kleinerig, maar mens gaan nie Harridans toe om te ooreet nie. Ons het net hoofgeregte oor die middaguur bestel: twee van my kollegas het eend met lemoensous bestel. Die eend was keurig opgesny, en albei het gesê dis heerlik.

Nog 'n vriend het 'n visgereg bestel. Ongelukkig was ons gesprek so druk dat ek hom nooit gevra het of hy daarvan gehou het nie.

Dit het goed gelyk.

Ek het tong met 'n gemmersous bestel, en my oordeel is dieselfde as dié van my kollegas. Die aanbieding was ewe keurig.

Die groente was net gaar, en smaaklik.

Dit word in 'n skottel tafel toe gebring, en miskien kan kleinbordjies dié dilemma oplos: hoe eet mens jou groente sonder om dit met die sous van jou hoofgereg te meng?

Ons het bietjie lank vir ons kos gewag - mens hoef darem seker nie alles a la minute gaar te maak nie. Reken dus op 'n middagete van ten minste 'n uur en 'n half.

Die pryse is redelik.

Opsommend: besoek Harridans as jy rustig en smaaklik wil eet.

*Koos Coetzee*

## Lewe sonder knoffel smaakloos

DIE Knoffelvereniging van Suid-Afrika vier môre sy eerste bestaansjaar met 'n groot makietie in 'n restaurant in Mellville. Daar sal weer skaamteloos weggelê word aan geregte waarin knoffel gebruik word.

Maar, sê Mariada Goosen, sekretaresse van die vereniging, rou knoffel word nie sommer oor die kos gegooi nie. "Daar word delikaat met knoffel gekook."

Die vereniging, wat elke twee maande in 'n restaurant eet, werk vooraf die spyskaart saam met die sjef uit, sodat hulle presies weet wat hul gaan kry.

"Ek is mal oor knoffel, maar my man haat dit. Hy weet nie dat hy elke dag knoffel in sy kos kry nie," sê Goosen.

Sover hulle weet is daar ook knoffelverenigings in Kalifornië en in Ierland, maar hulle is nog nie deur lede van hierdie verenigings besoek nie.

Die vereniging se leuse is: "Die lewe sonder knoffel is smaakloos."

Hulle het al gassprekers soos Leslie Richfield, Paula Blacking, Richard Cutler en Robert Laing gekry om hulle oor die vreugdes van knoffel toe te spreek.

## Musiekgids

JAMESONS BAR, Commissionerstraat. Die voorste aanbieder van oorspronklike plaaslike musiek met oorblyfsels van OU Johannesburg. Nie te duur nie en die lugreëling werk. 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Gehore wissel met die musiek wat aangebied word met 'n paar herkenbare "locals". Jazz met Saterdagmiddagete, sonder toegangsfooi.
Kelly Petlane en Koto speel vanaand, en Saterdag-aand is die immer nie-ernstige Spectres aan die beurt. Maandagaand word 'n konsert ten bate van mishandelde kinders gehou. Mense soos Solly Philander, die digter Ian Fraser, The Clan, Jahnito, Seasons en Bleeding Heart tree op. Dinsdag en Woensdag is dit weer Koto en Kelly Petlane en Donderdag, Vrydag en Saterdag tree Bright Blue daar op. (Tel. 836-6002).

ROXY RHYTHM BAR, Mainstraat, Melville. Steeds die nr1 plek vir yuppies en aspirant-yuppies om by gesien te word. Maandag: Bright Blue, Dinsdag: Little Sister, Woensdagmiddag: City Gents, Woensdagaand: Mango Groove, Donderdag: Dave Lithens Band en The Jive, Vrydag: African Jazz Pioneers. Saterdagmiddag: Jazz met City Gents, Saterdagaand: Robbers Dog. Tel: 726-6019.



**Bright Blue: Saterdag, Jamesons; Sondag, Woodmead**

THE JUNCTION, h/v Breë-Claimstraat. Klein dansplek maar lekker biljartkamer en 'n daktuin wat gebruik kan word vir idiote wat nog verlief raak. Die ouer rock en "new wave" -musiek wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

KIPPIE'S, Markteater, Newtown. Township-jazz en sy meer voorstedelike ekwivalent saam in die lekker jazz-plek. (Tel. 832-1641)

NO 58, Hillbrow. Johannesburg se gewilde kabaret-kroeg. Duur maar moeite werd vir die vertoning It's all Fright By Me - Part 2. Met Fiona Ramsey, Jenny da Lenta en Steve Walsh.

BONES, Rosebank Restaurant met buitelug-biertuin vir Jo'burg yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Naughty Boys met rock/blues-veteraan Larry Amos. Saterdagmiddag: Rush Hour. Saterdagaand: Diamond Dogs. Woensdag: Little Sister. Donderdag: Double Image.

THE THUNDERDOME, h/v Claim- en Noordstraat. Megadisko, kroeë en groepe. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf aan die tieners. (Tel. 238-788)

RUMOURS, Rockeystraat. 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook. (Tel. 648 4605)

LATE NITE DUKE'S IN MELVILLE - Laatnag alternatief tot Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete ook. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien. Woensdag tot Sondag Rudi and Friends en Saterdagmiddag die solis Pierre van Staden. (Tel. 726 8400)

# Hoogtepunte op TV

Volgelinge van rock-musiek sal simpel wees om The Story of Rock and Roll om 11:10 môreaand op TV1 te mis. Die reuse van die era van die Kinks tot Winwood en Gabriel sal op die program verskyn. Ook die Beatles, Jagger se "slimey limeys", The Hollies, The Animals, Townsend se windmeul-regterarm en die res van The Who, Mercury en die res van Queen se spektakels, die Moody Blues, Genesis, Rod Stewart en 'n baie jonger Clapton te sien.

Op TV4 wys twee interessante prente. Vanaand om nege is dit The Kremlin Letter. 'n Aanval word op China beplan. Die draaiboek en regie is deur John Huston.

Dinsdag 10nm: We're NOT Married (1952). 'n Outydse probleem vir tien paartjies wat agterkom hulle huwelike is weens 'n tegniese punt ongeldig. Met onder andere Marilyn Monroe, Ginger Rogers, Fred Allen, Zsa Zsa Gabor en Lee Marvin.

M-Net toon vandeesweek vier flieks - Time Stalkers, Lost in America, All of me en Mistress.

Die ghoeroe van Amerikaanse komedie, Steve Martin, lewer in All of me (1984) een van sy beste (hoewel onderskatte) vertolkings. 'n Onbeholpe ghoeroe toor twee mense tegelyk in sy liggaam in. Sondag 27 November om nege-uur.

Victoria Principal speel in die rolprent Mistress, waarin 'n ryk man se dood sy minnares sonder 'n sent laat.

Time Stalkers is bedoel vir mense wat van wetenskap-fiksie hou. Prof Scott McKenzie (William Devane), sien eendag 'n man met 'n .375 Magnum-rewolwer op 'n foto uit die vorige eeu. Dan ontmoet hy 'n vrou wat sê sy is 'n tydreisiger van 600 jaar in die toekoms op soek na die einste misdadiger in die foto. Die misdadiger word deur Klaus Kinski vertolk en die meisie deur Lauren Hutton.

Lost in America is komiese afleiding waarin twee Yuppies besluit hulle is te vervelig, verantwoordelik en bedaard. Hulle los alles net so, koop 'n woonwa en vat die lang pad deur Amerika.

## Teatergids

*****Uitstekend ****Goed
***Middelmatig
**Ondergemiddeld *Swak

*****FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE, Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en teer komedie deur Amerikaner Terrence McNally. Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Jana Cilliers en Bill Flynn.

*****LILLIAN, Upstairs by die Markteater, Newtown, Johannesburg. Sandra Duncan lewer 'n kragtoer in hierdie eenvrou-drama deur William Luce oor die lewe van die beroemde Amerikaanse dramaturg Lillian Hellman.

**LETTICE AND LOVAGE, André Huguenet-Teater, Hillbrow, Johannesburg. 'n Oordadige en verbeeldinglose vertolking van Peter Shaffer se jongste komedie oor twee bejaarde vroue wat in die greep van die geskiedenis en die teater vasgevang is. Met Moira Lister, Paddy Canavan, John Hussey en Charlotte Butler.

*****NUNSENSE, Alhambra-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Vonkelende en skreeusnaakse Broadway-musiekspel oor teatrale nonne wat geld probeer insamel. Met Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg, Suzanne Braun en Marilyn Vanrenen. Regie: Tobie Cronjé.

***PANTAGLEIZE, Momentum, Staatsteater, Pretoria. 'n Verbeeldingryke vertolking deur Ilse van Hemert van Michel de Gheldrode se tragie-komedie oor 'n onskuldige swaap wat die hooffiguur word in 'n rewolusie. Knap spel, maar ook teleurstellende vertolkings. Met Pieter Brand, Aletta Bezuidenhout, Tjaart Potgieter, Nomhle Nkonyeni en Peter Terry.

*DIE PROPONENTJIE, Drama, Staatsteater, Pretoria. 'n Onnodig oordadige vertolking deur regisseur Francois Swart van 'n swak gestruktureerde en onafgewerkte klug deur Pieter Fourie. Dit handel oor 'n nuwe predikant wat deur drie ambisieuse ma's aangekeer word vir hulle dogters. Met Lida Meiring, Lida Botha, Christine Basson, Lizz Meiring, Kim de Beer, Shereen Swart, Bill Curry en Hannes Muller.

****NO 58, Hillbrow: Deel twee van die baie suksesvolle "It's all fright by me" wat vroeër vanjaar op die planke gebring is. Steve Walsh en Fiona Ramsey lewer weer onvergeetlike vertonings met hul uitbeelding van musiekrillers wat dateer uit "Rockey Horror Picture" dae. Kai Horsthemke op bas.

THE NEW BLACK SUN, 262 Louis Botha-rylaan, Orange Grove.
The Return of the Thomas Aquinas Show, Donderdae en Vrydae om half-elf. Loop ompaaie deur die twintigste-eeuse geesteswêreld saam met die Mexican Icepicks.
Soli Philander en Robert Coleman se nuwe uh...godsdienstige satire, The Illuminati is elke aand om 8.15 te sien.
Dinsdae en Woensdae om 10:30 nm kom 'n eksperimentele "apokaliptiese" opvoering deur Wits se dramastudente, Love Song in a Windmill aan die beurt. Dit is net vir twee weke geskeduleer. Die "Whizz-duo" Steve Newman en Tony Cox, speel ook by die Black Sun. Drie dae 'n week om 10:30nm.



**Solomzi Bisholo, Channel 48**

## Galerygids

Die Johannesburgse Kunsmuseum Joubertpark, Kleinstraat.
"Die Verwaarloosde Tradisie: Met die oog op 'n nuwe geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns (1930-1988)". 'n Uitstalling van 95 swart Suid-Afrikaanse kunstenaars se werk. Tot 8 Januarie 1989.
"Mite en Fantasie in Drukkemakery": 'n Uitstalling van drukke wat karakters en vertellings met 'n mitiese of fantasiese aard uitbeeld. Tot 29 Januarie 1989.

Kim Sacks-galery
Cavendishstraat, Bellevue.
Die galery en potterbakkersentrum open met 'n uitstalling van verskeie soort handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Die uitstalling word "Expressions of Africa genoem" en stel werk vanoor die hele vasteland uit. (sien bl 3)

Goodman-galery
Hyde Square 3b, Hyde Park.
Geverfde houtbeelde van Sekukune kunstenaar, Johannes Segogela. Olie-pastel portrette en stillewes deur Trienniale-wenner van die meriete-toekenning, Keith Dietrich. Tot 17 Desember.

Markteater-galery:
Markteater-kompleks, Newtown.
Van 27 November. Fotos van Modderfontein, deur Ivan Muller. Val saam met die internasionale dag van menseregte op 10 Desember. The Black Sash se fotografiese uitstalling, met bydraes van Gideon Mendel, Omar Badsha, Gisele Wulfsohn, Paul Weinberg en andere. In sy beeldhouwerk beeld nog 'n kunstenaar, Kevin Brand, menseregte uit. Die titel van sy werk is 'Nineteen Boys Running", gegrond op die Uitenhage slagting waarin 19 jeugdiges in 1985 dood is.

Galery 21
Derde Vloer, Victory House, Harrisonstr.
Driemens-uitstalling van werk deur Pieter Roux, Andrew Breebaart, en Walter Meyer. Tot 3 Desember.

SA Kunsvereniging
Eerste vloer, Momentumsentrum, Pretoriusstraat, Pretoria.
Kunswerke van Hanri van der Merwe en Triënniale meriete-toekenningwenner, Phillipa Hobbs. Tot 9 Desember.

Art House
Algemonstraat 98, Norwood.
Deborah Edmeades se ekspressionistiese etse en skilderye tot 10 Desember.

Campbell Quine Tuisgalery
Derdestraat 79, Hyde Park.
Kinderkuns van bekende kunstenaars soos Karel Nel, Claire Gavronsky en William Kentridge. Tot 10 Desember

Karen Mc Kerron-galery
Mandeville straat 42, Rosebank. Bryanston
"Mirrors". 'n Uitstalling geborg deur PG Glass. Bekende kunstenaars soos André Naude, Margaret Vorster en Isolde Krams het kunswerke uit spieëls gemaak. Tot 15 Desember.

Gertrude Posel-galery
Senate House, Wits
New Aquisitions: Die beste werke wat deur die Wits-Universiteit se galery hierdie jaar aangekoop is. Tradisionele handwerk-stukke is ook ingesluit. Tot Februarie 1989

Matignon Fine Art
Sandown Park, Rivoniastraat 135, Sandown.
Ramon Dilley, Spaanse "Intimist"-skilder wat nou in Parys woon. Tot 10 Desember

Pretoria Kunsmuseum
Arcadia-park.
'n Uitstalling van werk van "Die Nuwe Groep". Dit sluit kunswerke van Gregoire Boonzaier, Frieda Lock, Terence McCaw, Lippy Lipschitz en Walter Battiss in. Tot 1 Januarie 1989

Gallery on the Market
Wolhuterstraat 49, Newtown.
Skilderye en beeldhouwerk van verskeie SA-kunstenaars.

Cassirer Kunsgalery
Mutual Plein, Rosebank.
Kersfees uitstalling: 22 plaaslike kunstenaars. Van 26 November tot einde Desember

Crake-Galery
Grantlaan 35a, Norwood.
Groep-uitstalling, juwele, skilderye en beeldwerk tot 15 Desember

Les Art International
The Mews, Rosebank.
Werke van oorlede bleek pop-profeet Andy Warhol sowel as van Chagall, Gaugin, Paul Klee en Picasso.

Natalie Knight-galery
Hyde Park-sentrum.
Rhe Wessels se uitstalling van keramiekwerk is verleng tot 30 November. 'n Tweede kersuitstalling, 'Innovations' duur tot 31 Desember.

